

DIE ONTWERP VAN 'N STUDENTEDIENSDEPARTEMENT AAN  
TERSIERE OPVOEDKUNDIGE INSTANSIES

JOHANNES JACOBUS BARNARD

B.Sc., H.B.A.

Skripsie voorgelê ter gedeeltelike voltooiing aan die  
vereistes vir die Meestersgraad in Bedryfsadministrasie

aan

Die Nagraadse Skool vir Bestuurswese,  
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

STUDIELEIER: PROF. J.J.L. COETZEE.

JUNIE 1986

Soli Deo Gloria

Opgedra aan Jacques

## DANKBETUIGINGS

My dank en waardering aan:

professor J.J.L. Coetzee onder wie se bekwame leiding die studie voltooi is;

professor C.J. van der Watt direkteur van die Studenteburo aan die P.U. vir C.H.O. wat waardevolle hulp aan my verleen met hierdie studie;

professor H.S. Steyn vir sy hulp met die statistiese verwerkings;

mnr. T. Gouws wat die taalkundige versorging van hierdie skripsie onderneem het; en

Rita, wat so keurig getik het en sonder wie se ondersteuning hierdie werk nie afgehandel sou gewees het nie.

## INHOUDSOPGAWE

INLEIDING	1
HOOFSTUK 1: PROBLEEM EN DOELSTELLING	
1.1 BESKOUIING VAN DIE HUIDIGE PRAKTYK	3
1.2 PROBLEEMSTELLING	3
1.3 DOEL VAN DIE STUDIE	4
1.3.1 Hoofdoelstelling	4
1.3.2 Spesifieke doelwitte	5
1.4 OORSIG EN STRUKTURERING VAN DIE STUDIE	5
HOOFSTUK 2: LITERATUUROORSIG	
2.1 INLEIDING	7
2.2 DIE BRITSE (EUROPESE) BENADERING TOT STUDENTEDIENSTE	8
2.2.1 Ontwikkeling van die opvoedkundige en studentedienste in Europa - 'n inleiding	8
2.2.2 Ontwikkeling in die tydperk voor die Christelike jaartelling (4000 v.C. - 0)	9
2.2.3 Die ontwikkeling gedurende die Klassieke tydsefase (0 - 500 n.C.)	11
2.2.4 Ontwikkeling gedurende die Middeleeue (600 - 1300 n.C.)	11
2.2.5 Ontwikkeling in die moderne tyd (1400 - 1900 n.C.)	12
2.2.6 Samevattende beskouing van die Europese ontwikkeling (4000 v.C. - 1900 n.C.)	14
2.2.7 Die huidige Britse benadering tot studentedienste	15
2.2.7.1 Inleiding	15
2.2.7.2 Strukture van huidige Britse studentediensdepartemente	16
2.2.7.3 Moontlike dienslewering tans aan Britse inrigtings	16
2.2.7.4 Samevatting	18
2.3 DIE AMERIKAANSE BENADERING TOT STUDENTEDIENSTE	19
2.3.1 Die ontwikkeling van studentedienste in Amerika - 'n inleiding	19

2.3.2	Die Koloniale tydperk (1630 -1780)	19
2.3.3	Die Federale tydperk (1780 - 1812)	21
2.3.4	Tydperk van uitbreiding (1812 - 1862)	21
2.3.5	Die huidige Amerikaanse benadering tot studentedienste	22
2.3.5.1	Inleiding	22
2.3.5.2	Strukture vir Amerikaanse studentedienste tans	23
2.3.5.3	Huidige dienste aan Amerikaanse inrigtings	26
2.3.5.4	Samevatting van huidige studentedienste in Amerika	26
2.4	DIE SUID-AFRIKAANSE BENADERING TOT STUDENTEDIENSTE	28
2.4.1	Die ontwikkeling van opvoedkundige - en studentedienste in Suid-Afrika - n inleiding	28
2.4.2	Die stigting van n handelspos (1652 - 1700)	28
2.4.3	Koloniale tydperk onder die Nederlandse en Britse beheer (1700 - 1836)	29
2.4.4	Die twee Britse kolonies en die twee Boererepublieke (1836 - 1902)	29
2.4.5	Die Uniewording (1910)	30
2.4.6	Die huidige Suid-Afrikaanse benadering tot studente= dienste	31
2.4.6.1	Inleiding	31
2.4.6.2	Strukture vir huidige studentedienste	33
2.4.6.3	Huidige dienste aan Suid-Afrikaanse inrigtings	36
2.4.6.4	Samevatting van huidige Suid-Afrikaanse studente= dienste	36
2.5	SAMEVATTING	37

### HOOFSTUK 3: NAVORSINGSMETODIEK

3.1	INLEIDING	39
3.2	VOORWETENSKAPLIKE VERKENNING	39
3.3	DIE ONDERSOEGGROEP	40
3.4	METODE VAN ONDERSOEK	41
3.5	STRUKTURERING VAN 'N TEORETIESE MODEL	42
3.6	DIE VRAELYS AS MEETINSTRUMENT	43
3.6.1	Inleiding	43

3.6.2	Die ontwerp van die vraelys	43
3.6.3	Beskrywing van die vraelys	45
3.6.3.1	Struktuur en dienste van huidige studentediens= departement	45
3.6.3.2	Struktuur en dienste van huidige voorligtingsdiens= departement	45
3.6.3.3	Voorgestelde struktuur vir 'n studentediensdepartement	46
3.6.3.4	Evaluering van voorgestelde teoretiese model vir studentedienste	46
3.7	VERWERKING EN EVALUERING VAN INLIGTING	47
3.7.1	Verwerking van inligting	47
3.7.2	Evaluering van inligting	47
3.8	BETROUBAARHEID EN GELDIGHEID	48
3.8.1	Empiriese data	48
3.8.2	Statistiese ekstrapolasie	49
3.9	SAMEVATTING	49
HOOFSTUK 4: NAVORSINGSRESULTATE		
4.1	INLEIDING	51
4.2	NAVORSINGSPROBLEMATIEK	51
4.3	OMSKRYWING VAN NAVORSINGSRESULTATE	52
4.3.1	Inleiding	52
4.3.2	Huidige studentediensdepartemente	53
4.3.2.1	Organisasiestrukture	53
4.3.2.2	Dienste	53
4.3.3	Huidige studentevoorligtingsdienste	61
4.3.3.1	Organisasiestrukture	61
4.3.3.2	Dienste	61
4.3.4	Voorgestelde struktuur van 'n studentediensdepartement vir optimale funksionering	67
4.3.4.1	Voorgestelde struktuur	67
4.3.4.2	Dienste	68
4.3.5	Voorgestelde teoretiese model vir studentedienste	72
4.4	EVALUERING EN BESPREKING VAN NAVORSINGSRESULTATE	73

4.4.1	Huidige studentediensdepartemente	73
4.4.1.1	Organisasiestrukture	73
4.4.1.2	Dienste aan 'n studentediensdepartement en 'n studentevoorligtingsdepartement	74
4.4.1.3	Noodsaaklikheid, koste-implikasie en die bedryf van studentedienste	74
4.4.2	Voorgestelde struktuur vir optimale funksionering	77
4.4.3	'n Teoretiese model vir 'n studentediensdepartement	77
4.4.3.1	Statistiese ekstrapolasie van die evaluering van die voorgestelde teoretiese model	78
4.5	SAMEVATTING	79

## HOOFSTUK 5: 'N VOORGESTELDE MODEL

5.1	INLEIDING	81
5.2	ORGANISASIE-ONTWIKKELING	81
5.2.1	Inleiding	81
5.2.2	'n Definisie van organisasie-ontwikkeling	82
5.2.3	Die vraag na organisasie-ontwikkeling	82
5.2.4	Tegnieke in organisasie-ontwikkeling	83
5.2.5	'n Organisasie-ontwikkelingstrategie	83
5.2.6	Samevatting	85
5.3	BEDRYFSASPEKTE VAN DIE VOORGESTELDE MODEL	86
5.3.1	Finansiering	86
5.3.2	Bestuurstruktuur	86
5.4	MOONTLIKE DIENSTE GELEWER DEUR DIE VOORGESTELDE MODEL	87
5.4.1	Studentevoorligtingsdienste	87
5.4.2	Moontlike dienste aan 'n studentediensdepartement	88
5.5	DIE ORGANISASIESTRUKTUUR EN VOORGESTELDE MODEL	91
5.6	SAMEVATTING	93

## HOOFSTUK 6: GEVOLGTREKKINGS

6.1	INLEIDING	95
-----	-----------	----

6.2	DOEL VAN DIE ONDERSOEK	95
6.2.1	Spesifieke doelwitte	95
6.2.2	Hoofdoelstelling	95
6.3	TOEKOMSVERWAGTINGE VIR TERSIËRE INRIGTINGS	96
6.4	BEVINDINGE EN EVALUERENDE SAMEVATTING VAN DIE ONDERSOEK	99
6.4.1	Bevinding van hierdie ondersoek	99
6.4.2	Evaluerende samevatting	100
6.5	AANBEVELINGS	105
6.6	SLOTOPMERKINGS	107
	BIBLIOGRAFIE	109
	ENGLISH ABSTRACT	112

## TABELLE

Tabel 4.3.2.2.(a):	Dienste wat tans deur 'n studentediens= departement gadministreer word	58
Tabel 4.3.2.2(b):	Die belangrikheid en koste-implikasie van studentedienste	59
Tabel 4.3.2.2(c):	Die uitvoerende hoof van 'n studentediens= departement	60
Tabel 4.3.2.2(d):	Direkte hoofbestuur van 'n studentediens= departement	60
Tabel 4.3.3.2(a):	Dienste wat tans deur studentevoorlig= tingsdienste gelewer word	65
Tabel 4.3.3.2(b):	Die finansiering en bedryf van voorlig= tingsdienste	66
Tabel 4.3.4.2:	Dienste wat deur studentediensdepartemente gadministreer moet word	71
Tabel 4.3.5:	'n Teoretiese model	72
Tabel 4.4.1(a):	Vergelyking van geïdentifiseerde dienste	75
Tabel 5.4.1:	Voorgestelde dienste vir 'n studente= voorligtingsdepartement	89
Tabel 5.4.2:	Voorgestelde dienste vir 'n studente= diensdepartement	90

## FIGURE

Figuur 2.1:	Organisasiegroepe aan 'n Britse universiteit	17
Figuur 2.2:	Voorbeeld van 'n studentediensdepartement I	25
Figuur 2.3:	Voorbeeld van 'n studentediensdepartement II	27
Figuur 2.4:	Voorbeeld van 'n studentediensdepartement III	34
Figuur 2.5:	Voorbeeld van 'n studentediensdepartement IV	35
Figuur 3.1:	'n Teoretiese model vir 'n studentediens= departement	44
Figuur 4.1:	Voorbeeld van 'n studentediensdepartement V	55
Figuur 4.2:	Voorbeeld van 'n studentediensdepartement VI	56
Figuur 4.3:	Voorbeeld van 'n studentediensdepartement VII	57
Figuur 4.4:	Studentevoorligtingsdiensdepartement I	62
Figuur 4.5:	Studentevoorligtingsdiensdepartement II	63
Figuur 4.6:	Studentevoorligtingsdiensdepartement III	64
Figuur 4.7:	Amerikaanse struktuur van 'n studentediens= departement	69
Figuur 4.8:	Struktuur vir meer effektiewe skakeling in 'n studentediensdepartement	70
Figuur 5.1:	'n Aanbevole model vir 'n studentediens= departement	92

BYLAES

BYLAE 1:	Lys van respondente	114
BYLAE 2:	Empiriese navorsingsdokumente	117

## INLEIDING

Die ontstaan van sekondêre en tersiêre opvoedkundige instansies is die direkte gevolg van die mens se voortdurende strewe na verhoogde lewensstandaard, ontwikkeling, vooruitgang en kundigheid. Afgesien van 'n soeke na en uitbreiding van kennis, het daar met verloop van tyd aan opvoedkundige instansies die behoefte ontstaan vir moontlike ondersteuningsdienste. Hierdie dienste behels nie net akademiese navorsing en opleidingsprosedures wat die studente deurloop nie. Dit moet ook gesien word as die totale opvoedingstaak wat deur sekondêre en tersiêre opvoedkundige instansies tot uitvoering gebring word. Gevolglik is hierdie dienste opvoedkundig gerig en verantwoordelik vir die ontwikkeling van die student as gebalanseerde en volwaardige mens. Die eindproduk van dié hoër opvoedkundige instansies moet aanvaarbaar wees vir die moderne samelewing. Studentedienste aan hoër opvoedkundige instansies het met die verloop van tyd ontwikkel tot 'n hoogs gespesialiseerde prosesaktiwiteit van opvoedkundige adviseuring, konsultasie en studentekorpsontwikkeling.

In die Westerse wêreld bestaan daar 'n onlosmaaklike verband tussen historiese ontwikkeling, onderwysontplooiing, religie, kultuur en opvoedkunde. Uit die ontplooiing en ontwikkeling van opvoedkundige stelsels in die Westerse Wêreld het daar 'n eiesoortige behoefte ten opsigte van dienste aan studente in elke land ontstaan. Daar kan 'n verband gelê word tussen studentebehoefte en die kultuurhistoriese ontwikkeling van die betrokke land. Verskillende lande se behoeftes sal gevolglik verskillende behoefteprofiel van studentedienste moontlik maak. Alhoewel die basiese struktuur vir studentediensdepartemente in die Westerse wêreld grootliks ooreenstem, is daar 'n groot verskil ten opsigte van die dienste wat gelewer word aan en verantwoordelikeheidsaanvaarding vir studente.

Die samesmelting van verskillende kultuurgroepe het tot gevolg gehad dat 'n unieke Suid-Afrikaanse kultuur ontwikkel is. Daar word in die Suid-Afrikaanse konteks van hoër opvoedkundige instansies verwag om vir die studente se ontwikkelingsbehoefte en ook vir sy algemene behoefteprofiel verantwoordelikheid te aanvaar. Hierdie behoeftes van die studente word dikwels geakkommodeer deur studentediensdepartemente wat op 'n gespesialiseerde wyse verseker dat die uiteindelijke produk van tersiêre opvoedkundige instansies 'n gebalanseerde, aanvaarbare volwaardige mens is.

## HOOSTUK 1: PROBLEEM EN DOELSTELLING

### 1.1 BESKOUIING VAN DIE HUIDIGE PRAKTYK

Die snel ontwikkelende twintigste eeu het wêreldwyd 'n klemverskuiwing teweeggebring, ook in die benadering tot opvoedkundige stelsels en die behoeftes wat daaruit voortvloei. Die behoefteprofiel van die studentemassa toon onteenseglik aan dat daar behoefte bestaan op 'n wye spektrum van akademiese, sowel as nie-akademiese terreine. Die ontwikkeling van die huidige studentediensdepartemente is dan ook die direkte gevolg van die moderne student se behoeftes. Alhoewel die basiese konsep van studentediensdienste (wat byvoorbeeld insluit akkommodasie, ontspanning en godsdiensopvoeding) reeds ontstaan het in die vroegste tye van formele onderrig, het daar spesifiek in die tweede helfte van die twintigste eeu 'n groot klemverskuiwing plaasgevind ten opsigte van die behoefteprofiel van studente. Die benadering tot studentediensdienste in die tersiêre opvoedkundige stelsel in Suid-Afrika verskil huidig in 'n groot mate met die struktuur en dienste gelewer in vroeëre tye en in ander lande.

### 1.2 PROBLEEMSTELLING

Die huidige aanbod van studentediensdienste aan tersiêre opvoedkundige instansies is 'n unieke versameling van diverse dienste. Dit is so omdat die Suid-Afrikaanse hoër opvoedkundige stelsel ontwikkel het uit 'n eiesoortige kultuur en lewens- en wêreldbeskouing. Die ontwikkeling van hierdie studentediensdepartemente is geskoei op die eiesoortige behoeftes wat bestaan vir elke spesifieke tersiêre opvoedkundige instansie. Vanweë hierdie heterogeniteit sal daar in die studie gepoog word om bestaande diensdepartemente te rasionaliseer en eenduidig af te paar met bestaande studentebehoefte. Op hierdie wyse

kan 'n funksionele en aanvaarbare studentediensdepartement daargestel word wat in die behoeftes van alle Suid-Afrikaanse tersiêre opvoedkundige instansies en studente voldoen.

Die probleemstelling van hierdie studie kan saamgevat word as 'n poging om 'n voorgestelde model vir studentediensdepartemente (in die Suid-Afrikaanse konteks) aan tersiêre opvoedkundige instansies te konstrueer.

### 1.3 DOEL VAN DIE STUDIE

Selfs al word dit algemeen aanvaar dat daar 'n studentediensdepartement aan 'n tersiêre opvoedkundige instansie moet wees, is die bestaan van so 'n departement nie 'n versekering dat die studente se behoeftes geakkommodeer word nie. Die onmiddellike probleem wat ontstaan is nie bloot 'n akademiese ondersteuningsdiensprobleem nie, maar wel die behoefte aan 'n opvoedkundige ondersteuningsdiens. Soos in die literatuurstudie (sien hoofstuk 2) aangetoon word, is daar (veral oorsee) reeds gevorderde strukture daargestel vir studentediensdepartemente aan opvoedkundige instansies.

#### 1.3.1 Hoofdoelstelling

Die behoefte aan 'n gestruktureerde en formele benadering tot studentedienste word as 'n kritiese probleemarea in die tersiêre opvoedkundige stelsel geïdentifiseer. Dit is so omdat daar geen beduidende literatuur ten opsigte van die volle omvang van studentedienste in die Suid-Afrikaanse konteks bestaan nie. Sodoende word die taak van nuut ontwikkelende en bestaande tersiêre inrigtings, wat daarna streef om die snel ontwikkelende behoefteprofiel van die studentegemeenskap te kan akkommodeer, tot 'n groot mate deur hierdie beperkende faktor bemoeilik.

Gevolglik kan die hoofdoelstelling van hierdie studie soos volg geformuleer word: om 'n voorgestelde model vir 'n studentediensdepartement in die Suid-Afrikaanse konteks te konstrueer, met spesifieke verwysing na die bedryfsorganisasie, struktuur en dienste van so 'n departement.

### 1.3.2 Spesifieke doelwitte

Die doelwitte word geformuleer om sodoende die hoofdoelstelling te ondersteun ten opsigte van spesifieke areas. 'n Eerste moontlike doelwit is om aan te toon dat daar 'n direkte verband bestaan tussen die ontwikkeling van studentediensdepartemente aan Amerikaanse en Suid-Afrikaanse tersiêre opvoedkundige instansies.

'n Tweede doelwit van hierdie studie is om aan te toon dat daar 'n onlosmaaklike verband bestaan tussen die historiese ontwikkeling, kultuurhistoriese ontwikkeling en ontwikkeling van studentediensdienste. Dit behels ook dat aangetoon sal word dat die uitbreiding en ontwikkeling van hierdie dienste 'n direkte gevolg is van die veranderende behoefteprofiel van studente in 'n snel ontwikkelende wêreld.

'n Derde doelstelling met hierdie studie is om aan te toon dat studentediensdienste wel 'n bydrae lewer tot die totale vorming en opvoeding van die studentegemeenskap.

## 1.4 OORSIG EN STRUKTURERING VAN DIE STUDIE

Die studie is 'n ondersoek na spesifieke dienste wat aan studente van hoër opvoedkundige instansies gelewer word. Hierdie dienste bestaan uit twee komponente, naamlik die akademiese ondersteuningsdiens en die nie-akademiese

ondersteuningsdiens. Hierdie ondersteuningsdienste plaas 'n hoë premie op die opleiding en opvoeding van die studentegemeenskap.

Alhoewel hierdie studie 'n empiriese ondersoek is na die breë behoefte van studente soos dit huidiglik ondervind word deur opvoedkundige instansies, sal daar eerstens aandag gegee word aan die ontstaan van die bestaande strukture vir studentedienste. Dit sal deur middel van 'n literatuurstudie gedoen word.

Bestaande modelle vir studentedienste word geverifieer en daar word 'n teoretiese model geformuleer en voorgehou wat die grootste waarskynlikheid het om funksioneel aanvaarbaar te wees vir die breë spektrum van hoër opvoedkundige instansies. Hierdie model is empiries geëvalueer deur die uitvoerende beamptes van studentediensdepartemente aan tersiêre opvoedkundige instansies.

Uit hierdie inligting word daar 'n voorgestelde model vir studentedienste geformuleer. Daar word veral gekonsentreer op die struktuur, dienste, bedryforganisasie en organisasieontwikkelingstrategie vir so 'n dienstedepartement. Die primêre uitgangspunt is dat hierdie model aanpasbaar en soepel moet wees om andersyds die veranderende behoefteprofiel van studente te kan huisves en andersyds binne die organisasieraamwerk van tersiêre opvoedkundige instansies geakkommodeer kan word.

Ten slotte word die bevindinge van die studie saamgevat en 'n gevolgtrekking en aanbevelings word gedoen vir studentediensdepartemente aan tersiêre opvoedkundige instansies.

## HOOFSTUK 2: LITERATUUROORSIG

### 2.1 INLEIDING

Die ontplooiing van die onderwysstelsel en die ontwikkeling van studentediens- te in die Westerse wêreld, Amerika en Suid-Afrika sal individueel ondersoek word. Daar bestaan 'n onlosmaaklike verband tussen historiese ontwikkeling, opvoedkundige ontplooiing en die kultuurontwikkeling van enige ontwikkelende gemeenskap. Die ontwikkeling van studentediensdepartemente sal binne hierdie verwysingsverband nagevors word. Die faktor wat die grootste bydrae lewer tot die ontwikkeling van gespesialiseerde dienste aan studente is die kultu- rele agtergrond van 'n spesifieke studentegemeenskap. Daardie kulturele agtergrond kan selfs binne 'n enkele gemeenskap grootliks verskil.

Daar is 'n vergelykende studie deur die 'International Bureau of Education' in 1962 uitgevoer met die doel om die organisasiestruktuur, soorte dienste gelewer, die ontwikkeling van opvoedkundige dienste en beroepsvoorligtings- dienste in 'n aantal lande te evalueer. Uit hierdie studie het dit duidelik geblyk dat die term 'voorligting' slegs 'n breukdeel is van die wyer spektrum van studentedienste. Hierdie dienste bestaan uit onderwysvoorligting, beroepsvoorligting en bystand aan individuele studente ten opsigte van algemene en religieuse behoeftes. In die steekproefpopulasie van 73 wêreld- lande is daar slegs 40 van hierdie lande (d.i. 55%) wat kan getuig van 'n ontwikkelingsfase ten opsigte van gevorderde studentedienste. In 24 van die lande (d.i. 33%) was studentedienste in hulle kinderskoene of in eksperimentele fase gewees en in 9 van die lande (d.i. 12%) was daar geen verwysing na studentedienste gewees nie (Gampert, 1963).

Indien hierdie gegewens oor die stand van studentedienste soos in 1962 aanvaar word, en dit vergelyk word met die huidige situasie, is daar 'n duidelike groeitendens waarneembaar (Gibson et al., 1983). Die 'International Bureau of Education' se studie wys uit dat die definiëring, omskrywing en bedryf van studentedienste wêreldwyd grootliks ooreenstem.

Daar is wêreldwyd groot ooreenstemming ten opsigte van die benadering tot studentedienste. Drapele (1979) en Gampert (1963) se navorsing toon egter aan dat daar 'n noemenswaardige verskil in die behoefte aan gespesialiseerde studentedienste bestaan, juis vanweë die feit dat hierdie dienste eiesoortig is aan elke land se kultuurhistoriese ontwikkeling. Amerika en Suid-Afrika se kultuurontwikkeling word byvoorbeeld gekenmerk deur die samesmelting van verskeie Westerse (Europese) kultuurgroepe. Vanweë die groot ooreenstemming in die benadering tot studentedienste in Europa, kan die Britse benadering tot studentedienste as verteenwoordigend van die Europese konteks beskou word (Fielden & Lockwood, 1973).

In paragrawe 2.2, 2.3 en 2.4 word die ontwikkeling van die Europese, Amerikaanse en Suid-Afrikaanse onderwysstelsels, die geskiedkundige - en die kultuurhistoriese verloop nagevors. Die doel met hierdie omvattende oorsig is om die direkte verband te ondersoek en ook die nodige onderbou te verleen. Sodoende kan die verloop en ontwikkeling van studentedienste so volledig as moontlik in perspektief gestel word.

## 2.2 DIE BRITSE (EUROPESE) BENADERING TOT STUDENTEDIENSTE

### 2.2.1 Ontwikkeling van die opvoedkundige en studentedienste in Europa - 'n Inleiding

Die mens van die twintigste eeu het 'n verpligting teenoor die miljoene mense wat met die verloop van duisende eeue die kundigheid ontwikkel het om die omgewingselemente te beheer. Hierdie kundigheid is aan hulle oorgelewer en elke nuwe generasie, ook dié van hierdie eeu, moet sodoende 'n bydrae lewer tot die kultuurontwikkeling van die mens (Butts, 1947). Alhoewel hierdie oordrag van kundigheid nie 'n formele onderrigproses was nie en die tegniek van oordrag van vroeëre generasies nie aan ons bekend is nie, is dit tog die boustene vir die vroeë ontwikkelingsfase van die opvoedkundige stelsel. Hierdie oordragsproses - wat met die verloop van duisende eeue ontwikkel het - kan basies in vier tydsfases ingedeel word, naamlik: die tydperk voor die Christelike jaartelling (4000 v.C. - 0), die Klassieke tydperk (0 - 500 n.C.), die Middeleeue (600 - 1300 n.C.), die Renaissance wat in die 15de eeu n.C. plaasgevind het en die Nuwe of Modernetydsfase (1600 - 1900 n.C.).

### 2.2.2 Ontwikkeling in die tydperk voor die Christelike jaartelling (4000 v.C. - 0)

Waar die moderne mens veral uit die rede leef, het die ou volke veral uit die geloof geleef. Daarom is dit ook begryplik dat 'n eiesoortige onderrigmetode van verduideliking, voordoen, nadoen en in die besonder van godsdienstige handeling die eerste tekens van sistematiese onderrig geopenbaar het. Die ou primitiewe volke het volgens Butts (1947) basies drie lewenswyses openbaar, nl.

- diens aan hulle Skepper/gode;
- beveiliging van die eie bestaan (huise, forte, oorlogvoering); en
- die voorsiening in die eie lewensbehoefte (jag, visvang en landbou).

Tot en met 500 v.C. was die onderrig en opvoeding van kinders die taak

van die familie. Die omvang van die onderrig was om die kind in die lewenswyse en tradisionele gebruike van die gemeenskap te onderrig, met spesifieke toepassing van die bogenoemde riglyne om die voortbestaan van die gemeenskap te verseker (Bowen, 1945). Dit kan duidelik gesien word dat die kultuurhistoriese beskouing van hierdie mense die basiese behoefteprofiel van die onderrigstelsel bepaal het.

Die tydsefase van 500 tot 300 v.C. was gekenmerk deur die ontwikkeling van die onderrigproses tot 'n formele proses van skoling, maar hierdie onderrig was slegs vir die gegoede en vooraanstaande families beskore. Hierdie onderrigproses het gewoonlik by die huis van die familie plaasgevind en die leermeester was 'n geskoolde slaaf gewees. Die omvang van die onderrig was perdry, boks, swem en die aanwending van wapentuig en wapenuitrusting (Boyd, 1932).

Die Hellinistiese tydsefase, vanaf 300 tot 3 v.C. was die tydperk toe skole formeel gestig is. Dit was egter privaatskole met vrywillige bywoning en was slegs toeganklik vir die aristokrasie gewees (Potgieter, 1978). Gevolglik was die opleiding van kinders slegs beskore vir die gedeelte van die populasie wat dit kon bekostig om opleiding vir sy kind te 'koop'.

Dit blyk baie duidelik uit die beskrywing van Butts (1947) en Boyd (1932) dat die behoefte aan opleiding gedurende hierdie tydsefase 'n geëkstrapoleerde behoefteprofiel van die ouers van hierdie tyd was en dat dit 'n direkte verband gehad het met die kultuurhistoriese ontwikkeling van hierdie tydperk. Die kinders se behoeftes was eerder geakkommodeer in die oorlewinge as in die opvoedingsbeginsels. Om die individu as eerbare kultuurgebonde mens te vorm was 'n prioriteit. Die basiese konsep van studentediens soos aan ons bekend, het nie in hierdie tydsefase bestaan nie.

### 2.2.3 Die ontwikkeling gedurende die Klassieke tydse fase (0 - 500 n.C.)

Hierdie ontwikkelingstydperk van die Westerse onderrigontplooiing en ontwikkeling in Europa word gekenmerk deur die sterk invloed van die Griekse kultuur en die magtige Romeinse Ryk wat in die 4de eeu n.C. tot 'n val gekom het. Die belangrikste mylpale van hierdie tydperk was die stigting van kategeseskole, die geboorte van Augustinus en Benediktus se kloosterskole (Bowen, 1945). Hierdie skole het 'n leerplan met groter omvang aangebied. Vakke het grammatika, ingenieurswese, mediese wetenskappe, astronomie en astrologie ingesluit. Die klemverskuiwing van die kultuurhistoriese ontwikkeling van hierdie tydperk is duidelik hierdeur uitlig en so ook die veranderende behoefteprofiel ten opsigte van die soeke na kennis.

Die eerste aanduiding van ondersteuningsdienste wat aan studente gelewer is, word vermeld met die stigting van die kloosterskole in Engeland. Daar is egter slegs vir die akkommodasiebehoefte van die studente voorsiening gemaak (Boyd, 1932).

### 2.2.4 Ontwikkeling gedurende die Middeleeue (600 - 1300 n.C.)

Die Middeleeue is die baie belangrike skakel tussen die antieke tyd en die moderne tyd. Dit word allerweë beskou as die voorbereidingsfase van huidige instansies en denkrigtinge. Gedurende die laaste gedeelte van die Middeleeue (1100 - 1300) is die meeste Europese universiteite van hierdie tyd gestig. Die twee bekende Engelse Universiteite, Oxford en Cambridge, is ook gedurende hierdie tydperk gestig (Boyd, 1932). Die uitbreiding en ontwikkeling gedurende hierdie tydse fase van die onderrigstelsel kan duidelik gesien word in die 79 universiteite in Europa aan die einde van die 14de eeu (Boyd, 1932). Volgens Bowen (1945) het die Universiteit van

Oxford reeds in die 12de eeu tot stand gekom en was naas die Universiteit van Parys die hoogs aangeskrewe instansie van hierdie tydsfase.

In die jaar 1264 word een van Oxford se kolleges, Merton, gestig. Daar word voorsiening gemaak vir twintig studente om in die 'Merton-hous' te woon. Daar word aan hierdie kollege akademiese en nie-akademiese dienste gelewer. Dit het dienste deur mede-studente ten opsigte van adviseuring, hulp met studies, ontspanning en algemene welsyn behels (Boyd, 1932). Die hoofopsiener van die losieshuis het dan die verantwoordelikheid gehad om na die religieuse en intellektuele ontwikkeling van die studente om te sien.

#### 2.2.5 Ontwikkeling in die moderne tyd (1400 - 1900 n.C.)

Die Renaissance van die 15de eeu n.C. het die moderne tydsfase ingelei. Hierdie tydperk is dan ook die groeipunt van die humanisties-geörienteerde opvoedingsteorieë. Die nuwe grondmotief van natuur-vryheid is in hierdie tydsfases duidelik aanwesig (Butts, 1947).

Die Reformasie van die 16de eeu was 'n baie belangrike tydvak waartydens die terugkeer tot die Bybel en die Christelike prioriteit was. Die religieuse ontwikkeling van die mens, dit wil sê die mens in sy volle totaliteit, is onder beskouing geneem. Die Reformasie en gepaardgaande ontwikkeling het 'n krag geword vir die vorming van die beskawing en dit is tot en met die 20ste eeu duidelik nagevolg (Potgieter, 1978).

Ongeveer die middel van die 18de eeu het daar 'n klemverskuiwing in die historiese ontwikkeling van die menseras plaasgevind. Hierdie verandering was 'n aanpassing by die eeu van die masjien en die demokratiese of vrye

denke wat respektiewelik deur die ekonomie, politiek of intellektuele en geestelike beskouinge omskryf is (Butts, 1947). Hoe nader daar beweeg word aan die huidige tydsfase, hoe moeiliker word dit om die feitelike van opvoedkundige veranderinge in 'n objektiewe perspektief te sien (Boyd, 1932). Hierdie probleem word ondervind omdat die tempo van verandering in ontwikkeling vanaf die tweede helfte van die 19de eeu by uitnemendheid versnel het en nog steeds toeneem.

Alhoewel die opvoedingskarakter grootliks deur kultuurhistoriese ontwikkeling en breë sosiale en intellektuele strominge bepaal word, is dit nie onmoontlik om die huidige tendense in die opvoedkundige stelsel te onderskei en te evalueer nie. Dit is 'n beskouing soos gehuldig in die aanvang van die 20ste eeu.

Eerstens moet gelet word op die groter wordende premie wat op beroepsvoorligting geplaas word. Hierdie behoefte het ontstaan as gevolg van die tegnologiese ontploffing gedurende die 19de eeu. Engeland het dan ook gedurende hierdie tydfase wêreldwyd die monopolie ten opsigte van die vervaardigingsbedryf gehad (Butts, 1947).

Tweedens is daar 'n groot klemverskuiwing in die primêre doelstelling van skole om nie slegs vir die leerproses verantwoordelikheid te aanvaar nie, maar om die totale opvoedingstaak van die kind te akkommodeer in die opvoedingproses. Dié groeiende verantwoordelikeheidsin het 'n verpligting om na die morele welsyn, sosiale verhoudinge, beroepsvoorligting, finansiële hulp en religieuse beskouinge van die studente om te sien. Sodoende is verseker dat studente wat hul studies voltooi het 'n volwaardige rol in die samelewing sou kon vervul (Herr, 1974).

Die demokratiese lewenswyse van die 19de eeu het derdens 'n kenmerkende invloed op die ontwikkelingsstroming van die onderwys gehad. Die aristokratiese edelstand se oorheersing van die wetgewende regeringstelsel van die voorafgaande eeue moes noodgedwonge swig voor die breë universele behoefteprofiel van die middelklas. Hulle het ontstaan uit die kultuurhistoriese ontwikkeling en soeke na kennis (Butts, 1947).

Soos gesien kan word uit die voorafgaande, het die demokrasie (wat die vryheid aan elke individu gee om vir sy regte te beding en ook om vrye denke te beoefen) 'n baie groot bydrae gelewer tot die eksponensiële ontwikkelingsfase van die 20ste eeu.

#### 2.2.6 Samevattende beskouing van die Europese ontwikkeling (4000 v.C. - 1900 n.C.)

Alhoewel Europa se kultuurhistoriese -, onderwys- en geskiedkundige ontwikkeling oor duisende eeue plaasgevind het, het hierdie fase, alhoewel stadig, tog reglynig ontwikkel tot en met die 15de eeu. Vanaf die 15de eeu tot die tweede helfte van die 19de eeu het die ontwikkelingstempo op alle vlakke drasties toegeneem (Butts, 1947). Daarbenewens word 'n eksponensiële versnelde tempo gedurende die 20ste eeu gehandhaaf in alle fasette van die tegnologiese en menslike ontwikkeling.

Volgens Shertzer en Stone (1976) het hierdie versnelde ontwikkeling daartoe bygedra dat:

- elke individu 'n eie reg het om te kan beding ten opsigte van sy eie soortige behoefte wat bestaan; en
- hierdie individu ook 'n morele verpligting het om 'n bydra te lewer tot die sosiale welvaart van sy medemens én die gemeenskap.

Hierdie bogenoemde twee faktore was en is nog steeds die belangrikste oorwegings vir die ontstaan en ontwikkeling van ondersteuningsdienste aan 'n studentegemeenskap.

## 2.2.7 Die huidige Britse benadering tot studentedienste

### 2.2.7.1 Inleiding

Dit blyk baie duidelik uit die voorafgaande literatuurondersoek dat die verloop en ontwikkeling van studentedienste in die Europese konteks vir 'n groot gedeelte van die opvoedkundige ontwikkelingsfase agterweë gebly het. Die grootste bydraende faktor tot hierdie verloop was oorwegend die eksklusiwiteit in alle vlakke van opleiding. Soos vroeër gemeld was dit slegs vir die aristokratiese edelstand beskore en had die breë populasie geen kans op skoling nie. Met hierdie agtergrond is dit verstaanbaar dat daar aan die begin van die 19de eeu (in 'n nuwe demokratiese benadering tot die individu se vrye denke) revolusionêre veranderinge t.o.v. die behoefteprofiel van die breë populasie ontstaan het. Hierdie veranderde denkstrominge, gekoppel aan die tegnologiese, fundeer die basiese boustene vir die huidige benadering tot studentedienste (Newsome et al., 1975). Alhoewel daar gedurende hierdie opvolgende ontwikkelingsfases noemenswaardige verskuivinge in die basiese behoeftebepalings ondervind is, kan die huidige benadering en tiperende hedendaagse struktuur vir 'n studentediensdepartement teruggevoer word na die oorspronklike konsep wat in die totstandkomingsfase gegeld het.

Die benadering tot die struktuur en die dienste wat hier weergegee word, is volgens die geëkstrapoleerde syfers van Fielden en Lockwood (1973) se navorsing in Brittanje. Hulle het tot die gevolgtrekking gekom dat die denke aangepas moet word vir 'n universiteit van tussen 5000 en 7500

studente, wat die veronderstelde grote sou wees van die tipiese Britse universiteit aan die einde van die dekade. Die gegewe benadering tot hierdie dienste in Brittanje (ten opsigte van die studentegetalle in 1980) toon groot ooreenstemming met die Suid-Afrikaanse universiteite. Die struktuur kan dus met die nodige aktualisering ook vir die bestaande Suid-Afrikaanse behoeftes aangepas en geëvalueer word.


#### 2.2.7.2 Strukture van huidige Britse studentediensdepartemente

Die huidige struktuur van die tipiese Britse universiteit het twee basiese komponente naamlik die akademiese ondersteuningsdiens en die gemeenskapsdiens. Vir 'n voorbeeld van hierdie struktuur, soos deur Fielden en Lockwood (1973) weergegee, raadpleeg figuur 2.1. Uit hierdie beskouing van die struktuur vir dienste gelewer, blyk dit duidelik dat daar in al die basiese behoeftes van 'n studentegemeenskap voorsien word.

Die akademiese ondersteuningsdiens word tot voordeel van die studente deur professionele persone aangebied en geadministreer. Die gemeenskapsdiens is die nie-akademiese komponent wat gedeeltelik deur die studentekorps self bedryf en geadministreer word. Hierdie twee diensdepartemente word beheer deur komitees, waarvan die voorsitter in beide gevalle die benoemde hoof van die afsonderlike diensdepartemente is. Hierdie komitees moet verslag doen aan die Uitvoerende Komitee van die Senaat vir die bedryf van die departemente. Die hoofde van hierdie departemente is grootliks van die komitees se effektiewe wisselwerking afhanklik. Insgelyks het die benoemde hoof bykans geen afhandelingsbevoegdheid nie.

#### 2.2.7.3 Moontlike dienslewering tans aan Britse inrigtings

**FIGUUR 2.1: ORGANISASIEGROEPE AAN 'N BRITSE UNIVERSITEIT**



**NOTES**

1. Units and sub-units shown for the Social Sciences area apply to all academic areas marked (\*). It is appreciated that in the case of the Medicine area other groups, particularly in the hospital service, determine different arrangements.

2. For details of the structure of the Administration area (+) see page 192 in Chapter 10.

(Orgeneem uit Fielden & Lockwood, 1973: 47.)

Die studente se behoefte aan spesifieke dienste word sover moontlik deur die genoemde diensdepartemente geakkommodeer. Dit word egter duidelik gestel dat die inrigting geen verantwoordelikheid aanvaar vir die individuele student se akademiese of alternatiewe vordering nie. Alle dienste word aan die studente gelewer, insluitende akademiese ondersteuningsdienste, maar die akademiese vordering van die student bly te alle tye sy eie verantwoordelikheid (Fielden en Lockwood, 1973). Gevolglik word die Europese student as volwasse beskou wat in alle opsigte hulle eie behoeftes kan identifiseer en die nodige hulp kan bekom om hul probleme op te los.

Die wye verskeidenheid gemeenskapsdienste hou verband met die sosiale -, ontspannings-, sport- en kultuuraktiwiteite van die studentegemeenskap. Die studente het gewoonlik 'n onafhanklike eie beheerkomitee wat los van die universiteitsowerhede funksioneer. Hulle is verantwoordelik vir die bedryf van hierdie aktiwiteite. Dit behels beheer oor kostes, beplanning en ontwikkeling van hierdie dienste. Die benadering wat gehandhaaf word ten opsigte van studenteverblyf is dat dit die studente se eie verantwoordelikheid is om akkommodasie te bekom. Dit kan wees of in die beskikbare universiteitskoshuise of private huisvesting. 'n Groot aantal van die instansies het geen huisvestingsgeriewe nie en maak hoofsaaklik van privaatinstansies se geriewe gebruik om studente van die universiteit te huisves (Fielden en Lockwood, 1973). Dit hou in hotelakkommodasie, privaatlosieshuise en jeughuise.

#### 2.2.7.4 Samevatting

Alhoewel daar strukture bestaan om aan die studentebehoefte gestand te doen, word daar geen verantwoordelikheid deur die universiteit aanvaar vir die student se akademiese en ook nie-akademiese vordering nie. Hierdie

dienste word daargestel op grond van 'n algemene behoeftebepaling en dit is die individuele verantwoordelikheid om hierdie dienste ten volle te benut. Die algemene welsyn, religieuse opvoeding, lewens- en wêreldbeskouing en morele lewe van die studente word nie as deel van die verantwoordelikheid van die universiteit beskou nie (Fielden en Lockwood, 1973).

## 2.3 DIE AMERIKAANSE BENADERING TOT STUDENTEDIENSTE

### 2.3.1 Die ontwikkeling van studentedienste in Amerika - 'n Inleiding

Die huidige benadering tot studentedienste in Amerika is die gevolg van 'n kultuurhistoriese ontwikkeling wat sy oorsprong gehad het in die samesmelting van 'n aantal Europese kultuurgroepe. Die enkele faktor wat die ontwikkelingsproses in Amerika oor 'n korter tydspan as die Europese ontwikkeling laat plaasvind het, is die VSA se benadering tot demokrasie, dit wil sê 'n vrye land waar die individu vir sy regte en behoeftes kan beding (Wrenn, 1951).

Die ontwikkeling van studentedienste in die Amerikaanse opvoedkundige stelsel kan in drie periodes ingedeel word - die Koloniale tydperk (1630-1780), die Federale tydperk (1780-1812) en die tydperk van Uitbreiding (1812-1862). (Leonard, 1956).

Vervolgens word hierdie drie tydsfases krities geëvalueer om te bepaal watter bydrae geskiedkundige en kultuurhistoriese faktore gelewer het op die Amerikaanse ontwikkeling van studentedienste.

### 2.3.2 Die Koloniale tydperk (1630-1780)

Die primêre opvoedkundige behoefte gedurende die koloniale tydperk was om te leer lees en skryf en om sodoende te verseker dat die gemiddelde deursneepopulasie die godsdienstige beginsels en ook die koloniale wetgewing sou kon verstaan. Daar is 'n baie hoë premie geplaas op die godsdienstige en religieuse ontwikkeling van die mens. Die mees gebruikte leerboek van hierdie tydsfase was die Bybel (Leonard, 1956). Die wetgewing van 1647 het voorsiening gemaak dat gemeenskappe met meer as 'n honderd families verplig was om 'n 'skoolmeester' te huur om die kinders voor te berei vir toelating tot die koloniale kollege, Harvard. Die doelstelling van die kolleges van hierdie tydsfase was primêr gerig op die opleiding van predikante (Arbuckle, 1953).

Die koloniste se doelstellinge met die onderrigproses was nie slegs geskoei op die intellektuele ontwikkeling van die student nie, maar ook om die student op godsdienstige, morele en beroepskeusevlak te stimuleer en by te staan. Hierdie was dan ook die eerste aanduiding van studentediensdienste van nie-akademiese omvang. Gedurende hierdie periode was die bestaande behoefte ten opsigte van nie-akademiese dienste grootliks gediversifiseerd, juis vanweë die verskillende kultuurgroepe wat in Amerika teenwoordig was (Leonard, 1956). Die noue bande wat tussen die regering en die opvoedkundige inrigtings van hierdie tydsfase bestaan het, het aanleiding gegee tot ontwikkelingsprogramme vir studentediensdepartemente. Hierdie benadering het aanleiding gegee tot 'n verantwoordelike aanvaarding vir die totale behoefteprofiel van die student. Dit het ingesluit losies, ontspanning, algemene welsyn, morele standaarde, godsdienstige én intellektuele ontwikkeling (Williamson, 1949). Hierdie benadering was die boustene vir die huidige program van studentediensdepartemente wat in Amerika bestaan en het die basis vir ontwikkeling en uitbreiding van hierdie dienste gevorm (Woolfe en Woolfe, 1953).

### 2.3.3 Die Federale tydperk (1780-1812)

Gedurende die Federale tydsfase het daar 'n klemverskuiwing plaasgevind ten opsigte van opleidingsbehoefte. Die oorwegende 'godsdienstbenadering' wat in die Koloniale tydperk nagevolg is, is vervang met 'n opleidingsmodel deur die regeringsleiers van hierdie tydperk. Hierdie tydsfase is ook gekenmerk deur die hoë premie wat geplaas is op die hoër opvoedkundige opleiding van die breë publiek. Dit moes noodwendig ook as primêre doelwit deur die demokratiese regeringstelsel van hierdie tydperk onderskryf word (Leonard, 1956).

Die stigters en donateurs van hoër opvoedkundige instellings het die nie-akademiese dienste as die verantwoordelikheid van die hoof en die personeel beskou. Daar is ook aanvaar dat die personeel die verantwoordelikheid vir die welsyn van die studente behoort te aanvaar. Die 'opvoeders' van die Federale tydperk het dus voortgegaan met die uitbouing en ontwikkeling van studentedienste volgens die basiese riglyne van die Koloniale tydperk (Arbuckle, 1953). Die uitbouing van hierdie dienste het die volgende ingesluit: opvoedkundige voorligting, adviseuringsdienste ten opsigte van studieprobleme, bystand met finansiële behoeftes en gesondheidskontrole van studente. Gedurende hierdie tydsfase was die primêre probleem egter huisvesting vir studente gewees (Leonard, 1956).

Die benadering tot studentedienste gedurende die Federale tydsfase gee blyke van 'n meer professionele benadering tot studentedienste.

### 2.3.4 Tydperk van uitbreiding (1812-1862)

In die vyftig jaar van uitbreiding, van 1812 tot 1862, het opvoedkundige

dienste 'n dramatiese uitbreiding in omvang ondervind. Daar is in die tydperk meer as driehonderd hoër opvoedkundige instansies in die vorm van kolleges en universiteite gestig. 'n Nuwe benadering ten opsigte van hoër opvoedkundige dienste, gratis opvoedingsgeleenthede vir die totāle Amerikaanse populasie, het grootliks die ontwikkeling van studentedienste in 'n alternatiewe rigting laat plaasvind (Leonard, 1956).

Die omvang van studenteaktiwiteite en -dienste het gedurende hierdie tydperk aansienlik vergroot. Studente het al hoe meer betrokke geraak met administrasie en studenteklubs en gevolglik het verskeie studenterade ontstaan. Hierdie ontwikkelingsfase het sodoende die pionierskampusse gestimuleer om uit te brei en beter toegerus te word. Moderne instansies is ontwikkel, met 'n wyer spektrum van studierigtings (Shertzer en Stone, 1976).

Gedurende hierdie tydperk van snelontwikkelende uitbreiding het opvoedkundige adviseuringsdienste ontwikkel. Dit het ingesluit kursusinligting, opvoedkundige inligting, die identifisering van studieprobleme en studievoorligting aan studente (Leonard, 1956).

Vanweë hul eiesoortige kultuurhistoriese ontwikkeling, het die Amerikaanse publiek verwag dat universiteite die verantwoordelikheid vir die akademiese vordering van studente sal aanvaar. Studente is as onvolwasse adolessente beskou (Williamson, 1961).

### 2.3.5 Die huidige Amerikaanse benadering tot studentedienste

#### 2.3.5.1 Inleiding

Leonard (1956) se navorsing het duidelik aangetoon dat studentedienste

gedurende die Koloniale tydsefase (1630-1780) van die Amerikaanse geskiedenis ontwikkel het. Gedurende die 19de eeu was daar 'n duidelike toename in die ontwikkeling van studentedienste. Oberlig-Kollege het in 1833 dames toegelaat. Dit het aanleiding gegee dat 'n studentedekaan vir dames benoem is (Williams, 1961). Harvard het in 1870 'n studentedekaan benoem wat verantwoordelikheid vir die dienste aan studente aanvaar het (Leonard, 1956). Die benadering tot studentedienste wat na die Eerste Wêreldoorlog (dit is die begin van die 20ste eeu) ontstaan het, word tans nog gehandhaaf (Arbuckle, 1956). Die huidige tydsefase word ook gekenmerk deur die snelontwikkelende tegnologie. Dit het 'n groot invloed op die veranderde behoefteprofiel van studente. Hierdie behoefteprofiel van die studente word as basiese riglyn vir die samestelling en ontwikkeling van studentedienste aanvaar (Woolf en Woolf, 1953).

#### 2.3.5.2 Strukture vir Amerikaanse studentedienste tans

Die enkele faktor wat die grootste invloed uitoefen op die struktuur van diensdepartemente aan Amerikaanse universiteite is die aantal studente. Die getal wissel tussen 10 000 tot 55 000 en hulle kan by die groter universiteite in 17 verskillende 'kolleges' (fakulteite) gehuisves word (Arbuckle, 1953). Vanweë die grootte van hierdie universiteite is dit dus uiters moeilik en ondoeltreffend om studentedienste as 'n gesentraliseerde diensdepartement te probeer struktureer en bedryf. In Amerika bestaan daar twee benaderinge tot studentedienste - 'n gesentraliseerde en 'n gedesentraliseerde stelselbenadering (Williamson, 1961).


Die bestaande gedesentraliseerde struktuur wat huidiglik aan die groter instansies aangetref word, maak nie noodwendig voorsiening vir die totale omvang van studentebehoefte nie. Dit impliseer egter dat 'n student by

meer as een plek tegelykertyd geakkommodeer word sonder dat die een buro van die ander se betrokkeheid kennis dra. Daar bestaan wel 'n sentrale studentevoorligtingsburo wat aan die 'president' van die instansies verslag doen en ook die oorkoepelende beheer uitoefen oor hierdie gefragmenteerde struktuur, veral ten opsigte van die bedryfsaspekte van die verskillende buro's (Williamson, 1961). Hierdie benadering tot studentediens word deur Gibson et al. (1983) as 'n uiters ondoeltreffende diensleweringmodel beskryf.

Daar word twee algemene sienings gehandhaaf vir die gesentraliseerde departementele benadering ten opsigte van studentediensstrukture by die gemiddelde grootte Amerikaanse universiteit. Die eerste beskouing is dat hierdie dienste nie gekategoriseer word nie. (Ter illustrasie van hierdie struktuur soos dit aan die 'State College of Washington' voorkom, sien fig. 2.2). 'n Tweede benadering is dat daar 'n onderskeid getref word tussen die verskillende dienste - akademiese dienste en nie-akademiese dienste asook 'n kombinasie van opvoedkundige programme en nie-akademiese dienste. (Vir 'n voorbeeld van hierdie struktuur soos dit aan die 'Brigham Young University' voorkom, sien fig. 2.3).

Daar bestaan verskeie redes vir die ontwikkeling van studentediensstrukture, maar die belangrikste beïnvloedende faktore is die historiese ontwikkeling asook die eiesoortige kompleksiteit van elke gemeenskap, die feit dat instansies afsonderlik funksioneer en die behoeftes van studente (Shertzer en Stone, 1976). Om hierdie faktore te ignoreer met die samestelling van 'n organisatoriese model vir 'n studentediensstruktuur sal 'n oneffektiewe dienstedepartement tot gevolg hê. Daar bestaan huidig geen algemeen-geldende struktuur vir studentediens in terme van implementeerbare kriteria en beginsels in die verskillende Amerikaanse universiteite nie. Die enigste

FIGUUR 2.2: VOORBEELD VAN 'N STUDENTEDIENSDEPARTEMENT I



Nota: 'n Voorbeeld van 'n gesentraliseerde departementele benadering ten opsigte van studentediensdienste waar hierdie dienste nie gekategoriseer word nie.

(Oorgeneem uit Williamson, 1961: 82.)

moontlike struktuur vir 'n gemiddelde Amerikaanse universiteit is deur Williamson (1961:26) aangebied (sien fig. 2.3). Hierdie model maak voorsiening vir die belangrikste komponent vir die ontwikkeling van 'n struktuur vir studentediens, naamlik die behoefteprofiel van die studentegemeenskap.


#### 2.3.5.3 Huidige dienste aan Amerikaanse inrigtings

Die inhoudelike van studentediensdepartemente kan in drie hoofkomponente gekategoriseer word: nie-akademiese dienste, akademiese dienste en ook 'n kombinasie van opvoedkundige en nie-akademiese dienste. Hierdie dienste se onderafdelings word weergegee in fig. 2.3. In die breë gesien, akkommodeer hierdie model die totale spektrum van bestaande studentebehoefte. Hierdie modelbenadering tot studentediens het ontwikkel uit foutiewe benaderings vir die ontwikkeling van studentediens (Williamson, 1961). Die ontwikkelingstendens wat die algemeenste voorkom, is dat daar eerstens 'n korrektiewe program en tweedens 'n voorkomende program vir studentediens ontwikkel moet word. Dit sal waarskynlik daartoe bydra dat elke individuele student die geleentheid gebied word vir optimale ontwikkeling.

Die beduidende getal onsuksesvolle studente aan Amerikaanse universiteite word, volgens Leonard (1956), deur die publiek gesien as 'n gevolg van ondoeltreffende akademiese en nie-akademiese dienslewering aan studente. Die publiek beskou dit as die plig van 'n hoër opvoedkundige instansie om toe te sien dat studente hul akademiese loopbaan suksesvol voltooi. Hulle is ook verantwoordelik vir die suksesvolle aanpassing van studente op persoonlike en sosiale vlak (Leonard, 1956).

#### 2.3.5.4 Samevatting van huidige studentediens in Amerika

FIGUUR 2.3: VOORBEELD VAN 'N STUDENTEDIENSDEPARTEMENT II



Nota: 'n Voorbeeld van 'n gesentraliseerde departementele benadering ten opsigte van studentediens te waar hierdie dienste wel gekategoriseer word.  
(Oorgeneem uit Williamson, 1961: 26.)

Alhoewel die gesentraliseerde en gedesentraliseerde struktuurbenaderings tot studentedienste grootliks van mekaar verskil, word die behoefteprofiel van die studente geakkommodeer deur die diensdepartemente wat deur albei strukture daargestel word. Hierdie dienste ontwikkel op grond van die algemene behoefteprofiel van die breë studentekorps. Die hoër opvoedkundige instansies aanvaar verantwoordelikheid vir die ontwikkeling van die student as 'n gebalanseerde, aanvaarbare volwaardige mens.

## 2.4 DIE SUID-AFRIKAANSE BENADERING TOT STUDENTEDIENSTE

### 2.4.1 Die ontwikkeling van opvoedkundige - en studentedienste in Suid-Afrika - 'n Inleiding

Die kultuurhistoriese ontwikkeling van Suid-Afrika het ontstaan as gevolg van die samesmelting van 'n aantal Europese kultuurgroepe. Dit het die grootste bydra gelewer tot die ontwikkeling van 'n behoefteprofiel vir die huidige studentegemeenskap. Hierdie faktor het ook die belangrikste inset gelewer tot die unieke studentedienste wat ontwikkel is vir die Suid-Afrikaanse konteks met sy diverse kultuurgroepe. Die ontwikkeling van studentedienste in Suid-Afrika se opvoedkundige stelsel het vier periodes deurloop. Dit het 'n direkte verwantskap met die historiese ontwikkeling in Suid-Afrika gehad. Die periodes is die stigting van 'n handelspos (1652-1700), die koloniale tydperk onder Nederlandse en Britse beheer (1700-1836), die twee Britse Kolonies in die Kaap en Natal asook die twee Boere-republieke, Transvaal en die Vrystaat (1836-1902), en die Uniewording (1910) van Suid-Afrika (Potgieter, 1978).

### 2.4.2 Die stigting van 'n handelspos (1652-1700)

Gedurende hierdie tydsfase is godsdiensonderwys onder leiding van 'n sieke-trooster of boereskoolmeester moontlik gemaak. Die kinders het egter geen letterkundeonderrig ontvang tot en met die stigting van die Kampanjieskool in 1685 nie (Coetzee, 1958). Daar is geen aanduiding dat daar gedurende hierdie tydsfase 'n behoefte aan studentediens was nie.

#### 2.4.3 Koloniale tydperk onder Nederlandse en Britse beheer (1700-1836)

As gevolg van die groeiende bevolking in die Kaap en die herhaalde versoeke vir 'n meer gevorderde onderwysstelsel is daar in 1700 besluit om Jacob de Groot, 'n krankebesoeker en skoolmeester, aan te stel om 'n openbare skool in die Drakensteindistrik te stig (Coetzee, 1958). Alhoewel daar reeds voor 1782 'n aantal openbare skole en privaatskole bestaan het, was geen liggaam verantwoordelik vir onderwysbeheer nie en was daar ook geen algemeen geldende onderwyswet gewees nie. Die dorpskole het meestal onder die kerkrade gestaan. Die kontrole oor privaatonderwysers was minimaal (Potgieter, 1978). Gedurende hierdie tyd was die opvoedkundige behoefte en doelwitte om te leer lees, skryf en rekenkundige berekeninge te doen. Die primêre doelstelling was godsdiensonderrig, wat die lidmaatskap aan die kerk moontlik gemaak het (Coetzee, 1958).

Gedurende hierdie tydperk was die nie-akademiese studentediens daarop ingestel om die studente as goeie landsburger te onderrig en daar was geen behoefte aan verdere uitgebreide studentediens gewees nie.

#### 2.4.4 Die twee Britse kolonies en die twee Boererepublieke (1836-1902)

Volgens Coetzee (1958) was die trekkende Boere uiters gesteld op hul godsdiens en die opvoeding van hul kinders. Saam met hulle het 'n aantal skool-

meesters getrek, met name Danie Pheffer, MacDonald en Tielman Roos. Hierdie proses van onderrig was kernagtig, kerngerig en kerngesond gewees, maar dit was 'n praktiese opvoeding, gerig op die tydelike en op die ewige lewe - 'n opvoeding vir die aardse roeping en 'n opvoeding vir die ewigheid. Maar hierdie tydsfase word ook gekenmerk deur 'n toenemende behoefte ten opsigte van sekondêre en tersiêre onderrig. Dit het aanleiding gegee tot die stigting van 'n aantal kolleges asook tot die eerste Suid-Afrikaanse Universiteit, die Universiteit van Kaap de Goede Hoop wat in 1873 gestig is (Potgieter, 1978).

Uit hierdie veranderde klimaat in die opvoedkundige dienste het die basiese behoefte vir studentedienste ontwikkel. Die opvoedkundige inrigtings is verantwoordelik gehou vir die student se behoeftes ten opsigte van losies, ontspanning, algemene welsyn, morele standaarde en religieuse en intellektuele ontwikkeling.

#### 2.4.5 Die Uniewording (1910)

Die Universiteit van Suid-Afrika kon algaande minder en minder die dosente en studente se intellektuele behoeftes bevredig (1910-1918). Die dosente was bloot afrigters en die studente het geen ander belange gehad nie behalwe die memorisering van feite; daar was geen ruimte vir selfstandige navorsing en deurdenking nie. Op 15 Augustus 1910 word alle hoër onderwysbeheer weggeneem van die Provinsiale Rade en direk onder die beheer van die Minister van Onderwys geplaas en ook word 'n Ondersekretaris van Onderwys benoem in die persoon van G.M. Hofmeyer. Die belangrikste gebeurtenis op die gebied van die hoër onderwys was die geleidelike ontbinding van die Universiteit van Suid-Afrika deurdat die een na die ander kollege en universiteit selfstandig geword het.

Hierdie tydperk na Uniewording (1910-1950) word beskou as die versnelde uitbreiding van opvoedkundige dienste in Suid-Afrika (Coetzee, 1958).

Die beleid het sodanig verander dat daar beweeg is van die konsep om 'die skole na die kind te neem' (soos by die plaasskole) tot 'n gesentraliseerde opvoedingstelsel vir primêre -, sekondêre - en tersiêre onderrig. Hierdie benadering het 'n versnelde ontwikkeling en 'n ongekende stimulasie van studentedienste tot gevolg gehad (Potgieter, 1978). Die bestaande studentedienste wat gedurende die voorafgaande tydperk ontwikkel is, het 'n hoër standaard van effektiwiteit bereik. Daar is ook 'n nuwe dimensie in die dienste-ontwikkel, veral ten opsigte van konsultasie en adviseuring.

Met die snel ontwikkelende tegnologiese omvang van die 20ste eeu moes studentedienste aansienlik ontwikkel om die veranderende behoefteprofiel van die moderne studente te akkommodeer. 'n Belangrike ontwikkeling was die feit dat dienste soos kursusvoorligting, beroepsvoorligting, studieprobleemidentifisering ensomeer aanleiding gegee het tot die ontwikkeling van 'n studievoorligtingsdiens (Potgieter, 1978).

Die ontwikkeling van studentedienste in Suid-Afrika kan direk herlei word na die kultuurhistoriese ontwikkeling van die studentegemeenskap. Vanweë hierdie eiesoortige kultuurhistoriese ontwikkeling word daar oor die algemeen nie van die universiteit verwag om die verantwoordelikheid te aanvaar vir die akademiese en ook die nie-akademiese vordering van studente nie.

#### 2.4.6 Die huidige Suid-Afrikaanse benadering tot studentedienste

##### 2.4.6.1 Inleiding

Dit blyk baie duidelik uit die geskiedkundige ontwikkeling van die onderrig-

stelsel dat die gediversifiseerde plaaslike benadering tot studentediens- en direkte gevolg is van die unieke kultuursamestelling en kultuurerfenisse wat in Suid-Afrika aangetref word. Die invloed van beide die klassieke Britse en Noord-Amerikaanse kultuur word huidig as die mees dominante ten opsigte van opvoedingstelsels en studentediens- en geïdentifiseer (Steyn et al., 1983).

Volgens 'n vooraf-ondersoek is die basiese behoeftes wat deur die owerhede van tersiêre rigtings ondervind word, grootliks dieselfde. Daar word egter tog groot verskille ten opsigte van die kwaliteit en kwantiteit van dienste ondervind. Om slegs die blanke Afrikaans- en Engelssprekende studente as voorbeeld te neem - dit is duidelik dat laasgenoemde meer onafhanklik is, dit wil sê dat hierdie studente hul eie probleme kan identifiseer en verdiskonteer. Hulle benadering, werkswyse en denke getuig van groter onafhanklikheid en selfstandigheid as hulle Afrikaanse eweknieë. 'n Bybring van swart studente uit 'n tiental verskillende etniese groepe met elk 'n eie unieke lewens- en wêreldbeskouing (Steyn et al., 1983) wys uit hōe kompleks die probleem is.

Verwysend na die voorafgaande is dit dus verstaanbaar dat die huidige studentediens- en aan Suid-Afrikaanse opvoedkundige instansies uniek en eiesoortig is vir elke inrigting. Hierdie eiesoortigheid is die gevolg van bepaalde ontwikkelinge om sodoende die besondere studentebehoefte binne die raamwerk van die gegewe inrigting se beleid en struktuur te akkommodeer.

Daar bestaan huidig weinig literatuur ten opsigte van die totale omvang van die struktuur, bedryfsorganisasie en dienste gelewer deur studentediens- departemente in die Suid-Afrikaanse konteks. Die beskikbare literatuur

ten opsigte van bestaande studentedienste word tans weergegee deur die onderskeie studentevoorligtingsdienste. Hierdie dienskomponent het op hierdie stadium reeds 'n baie hoë vlak van ontwikkeling aan bykans alle Suid-Afrikaanse opvoedkundige inrigtings bereik (Gampert, 1963).


#### 2.4.6.2 Strukture vir huidige studentedienste

Volgens die bevindinge van die voorafondersoek is die strukture vir studentedienste aan Suid-Afrikaanse inrigtings konglomorate van gediversifiseerde strukture en kan dit moeilik deur 'n enkele struktuur omskryf word. Oorkoepelend is egter tog die gemeenskaplike gedagte - dienslewering aan studente.

Hierdie huidige strukturele benadering tot studentedienste in Suid-Afrika kan omskryf word as stelsels van onderling verweefde gesentraliseerde/gedesentraliseerde en gekategoriseerde/nie-gekategoriseerde dienste. Vir voorbeelde van strukture vir studentedienste wat tans in die Suid-Afrikaanse konteks aangetref word, sien figuur 2.4 en figuur 2.5. Albei hierdie strukture kan as gesentraliseerde en nie-gekategoriseerde diensdepartemente geklassifiseer word.


Daar bestaan wel 'n aantal redes vir die ontwikkeling van bogenoemde strukture, maar die belangrikste twee komponente is die kultuurhistoriese ontwikkeling en eiesoortige kompleksiteit van die gemeenskap of inrigting en die behoefteprofiel van die studente. Indien hierdie faktore nie in aanmerking geneem word met die samestelling van die struktuur vir studentedienste nie, sal die diensdepartement oneffektief in sy funksionering wees.

FIGUUR 2.4: VOORBEELD VAN 'N STUDENTEDIENSDEPARTEMENT III



Nota: Voorbeeld van 'n gedesentraliseerde en nie-gekatogoriseerde studentediens= departement wat huidig in Suid-Afrika aangetref word.

FIGUUR 2.5: VOORBEELD VAN 'N STUDENTEDIENSDEPARTEMENT IV



Nota: Voorbeeld van 'n gesentraliseerde en nie-gekatogoriseerde studentediens= departement wat huidig in Suid-Afrika aangetref word.

#### 2.4.6.3 Huidige dienste aan Suid-Afrikaanse inrigtings

Die omvang van dienste wat aan studente gelewer word, kan in die volgende hoofde onderverdeel word: akademiese ondersteuningsdienste, nie-akademiese ondersteuningsdienste, opvoedkundige dienste en algemene konsultasiedienste. Die behoeftes van studente word vir sover dit moontlik is deur die bogemelde diensdepartemente geakkommodeer.

Dit is baie moeilik om uit die bestaande literatuur 'n aanduiding te kry van die omvang en ontwikkeling van die beskikbare dienste wat aan studente gelewer word. Die bevindinge ten opsigte van die hoofdoelwit van hierdie studie behoort die voorafgaande problematiek met verwysing na die bestaande literatuur in 'n groot mate op te los.

#### 2.4.6.4 Samevatting van huidige Suid-Afrikaanse studentedienste

Alhoewel daar weinig literatuur ten opsigte van die totale omvang van studentedienste in die Suid-Afrikaanse konteks bestaan, is dit aantoonbaar dat 'n hoë premie deur plaaslike tersiêre opvoedkundige inrigtings geplaas word op die dienslewering aspekt aan studente. Hierdie dienste word ontwikkel om die algemene behoefteprofiel van die breë studentekorps te akkommodeer en sodoende 'n bydrae te lewer tot die ontwikkeling van die student.

In Suid-Afrika is die slaagpersentasie van studente van groot belang. Onsuksesvolle studente word deur die groot publiek toegeskryf aan ondoel-treffende dienslewering op akademiese sowel as nie-akademiese gebied (Steyn et al., 1983).

Die indruk ontstaan dat die Suid-Afrikaanse publiek die tersiêre opvoedkun-

dige inrigting verantwoordelik hou vir die totale ontwikkeling van die student.

## 2.5 SAMEVATTING

Europese opvoedkundige instansies beskou hulle nie as verantwoordelik vir studente se morele kodes, algemene norme en akademiese prestasie nie. Die universiteite aanvaar geen verantwoordelikheid vir die student nie, alhoewel daar tog ook strukture bestaan om in die student se behoeftes te voorsien.

In teenstelling hiermee word die Amerikaanse student beskou as die onvolwasse adolescent wat behoefte het aan persoonlike konsultasie, sosiale toesig, voorligtingsdienste en remediërende akademiese konsultasie en voorligting (Leonard, 1956).

Amerikaanse universiteitslewe verskil waarskynlik van dié in ander wêrelddele, veral ten opsigte van studentedienste (Leonard, 1956).

Suid-Afrikaanse hoër opvoedkundige instellings aanvaar verantwoordelikheid vir studente deurdat studentedienste gelewer word. Dit sluit in algemene welsyn, religieuse ontwikkeling, intellektuele ontwikkeling en akademiese prestasie. Daar is dus 'n baie groot ooreenstemming ten opsigte van dienslewering aan studente in die Suid-Afrikaanse en Amerikaanse stelsels. Volgens Steyn (1983) het die Suid-Afrikaanse universiteitswese ontstaan uit die Britse en Vastelandse universitêre tradisies. Die klem daar het op die wetenskap en 'n deeglike byna klassieke skoling en afronding van die totale mens geval.

Die onderwys- en studentediensontwikkeling in Suid-Afrika en Amerika het onderskeidelik vier en drie tydperiodes deurloop. Die spesifieke behoeftes ten opsigte van studentediensontwikkeling gedurende hierdie ontwikkelingsfases in Suid-Afrika en Amerika stem grootliks ooreen. Uit die literatuur blyk dit dus dat daar 'n direkte verband tussen die Suid-Afrikaanse en Amerikaanse ontwikkeling van studentedienste aan tersiêre opvoedkundige instansies bestaan.

Uit die literatuur blyk dit ook dat daar 'n onlosmaaklike verband tussen die historiese -, kultuurhistoriese - en studentediensontwikkeling in sowel Suid-Afrika as Amerika bestaan. In albei kontekste is die Europese invloed op studentediensdepartemente besonder dominant, veral ten opsigte van die ontwikkeling van hierdie dienste.

Die stelling kan gemaak word dat die ontwikkeling van Suid-Afrikaanse, Amerikaanse en Europese studentediensdepartemente 'n veranderende ontwikkelingstrategie gebruik het. Dit het verseker dat die veranderende behoefteprofiel van die moderne studentegemeenskap in hierdie snelontwikkelende tegnologiese eeu enigsins deur 'n studentediensdepartement geakkommodeer kon word.

## HOOFSTUK 3: NAVORSINGSMETODIEK

### 3.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word daar aandag geskenk aan die uitvoering van die ondersoek, die insameling en evaluering van relevante inligting met betrekking tot die studie.

Allereers sal die rede vir die voorwetenskaplike verkenning bespreek word. Tweedens word die ondersoekgroep omskryf. Daarna volg die ondersoekmetode, die strukturering van 'n teoretiese model en die ontwerp van die vraelys. Die meetinstrument (vraelys), die verwerking van inligting en die evaluering van hierdie inligting word ook bespreek. Ten slotte word die betroubaarheid en geldigheid van hierdie studie ten opsigte van die inligting en die verwerking daarvan evaluerend bespreek.

### 3.2 VOORWETENSKAPLIKE VERKENNING

Daar bestaan tans baie min relevante en enigsins beduidende literatuur ten opsigte van die totale omvang van studentedienste in Suid-Afrika. Vir 'n voorwetenskaplike verkenning is vooraf met vier inrigtings geskakel. Die doel hiervan was om die werklike situasie in Suid-Afrika ten opsigte van studentedienste te ondersoek.

Die inrigtings betrokke by die voorondersoek sal weer deel vorm van die uiteindelijke ondersoekgroep, juis vanweë die beperkte teikengroepmoontlikhede. Die inligting ingewin ten opsigte van die huidige benadering tot strukture en dienste rakende studente soos in die voorondersoek gevind is, word weergee in paragraaf 2.4.6.2. Hierdie inligting sal aangewend

word om 'n aanduiding te gee van die Suid-Afrikaanse behoefte aan studentedienste. Ook kan dit gebruik word vir die formulering van 'n moontlike teoretiese model.

### 3.3 DIE ONDERSOEKSGROEP

Wanneer 'n ondersoek uitgevoer word, kan dit algemeen aanvaar word dat dit onwaarskynlik is om al die persone, situasies en of onderwerpe wat op die studie betrekking het, te ondersoek. Daarom is dit nodig om 'n steekproef van die teikengroep te gebruik, dit wil sê slegs 'n groep wat verteenwoordigend is van die geheel.

In hierdie studie sal dit nie 'n steekproef in die ware sin van die woord genoem word nie. Die ses en twintig inrigtings wat by die Vereniging vir Studentevoorigting in Suider-Afrika (V.S.S.A.) geregistreer is, word betrek. Hierdie groep van geregistreerde inrigtings verteenwoordig 70% van alle tersiêre opvoedkundige inrigtings in Suid-Afrika wat wel een of ander vorm van dienste aan studente lewer. Voorts verteenwoordig hierdie groep ongeveer 50% van die totale aantal tersiêre opvoedkundige inrigtings in Suid-Afrika. Daar is huidiglik sewentien universiteite by die V.S.S.A. geregistreer, 'n verteenwoordiging van 90% van alle universiteite. In die geval van teknikons en kolleges is daar nege inrigtings geregistreer en verteenwoordig dit 'n totaal van 20% van alle teknikons en kolleges.

'n Mening wat gehuldig kan word, is dat die inrigtings wat nie by die V.S.S.A. geregistreer is nie en wel dienste aan studente lewer, nog in 'n vroeë stadium van ontwikkeling op die gebied is. Dat hierdie inrigtings 'n positiewe bydrae tot die ondersoek sou kon lewer, is onwaarskynlik.

Studentedienste aan inrigtings soos byvoorbeeld onderwyskolleges en inrigtings vir spesialisasie in 'n spesifieke vakgebied (byvoorbeeld opleiding van tegnisi vir 'n spesifieke doel) is nog in 'n vroeë ontwikkelings stadium. Die rede hiervoor is dat studentedienste in die algemeen uit studentevoorligtingsdiensdepartemente ontwikkel het en insgelyks noue bande met veral psigologiesdepartemente gehad het. Dié departement bestaan nie by sodanige instansies nie.

Uit hierdie groep van geregistreeerde inrigtings is vraelyste gestuur aan alle departementshoofde wat direk betrokke is by studentedienste. Betrokkes wat versoek was om vraelyste te voltooi het gewissel tussen direkteure van studenteburo's, studentedekane, direkteure van buro's vir studenteontwikkeling, hoofde van studentevoorligtingsdienste en hoofde van studentedienste. Die ondersoekgroep vir hierdie studie word in bylae 1 genoteer.

### 3.4 METODE VAN ONDERSOEK

Hierdie studie is 'n ondersoek na die algemene behoeftes van die Suid-Afrikaanse studente aan tersiêre opvoedkundige inrigtings. Daar is aandag gegee aan die ontstaan van die Europese, Amerikaanse en Suid-Afrikaanse strukture vir studentedienste soos dit in die literatuur gedek word.

Daar is gebruik gemaak van bestaande modelle vir studentedienste om 'n eie teoretiese model vir studentedienste te formuleer. Die teoretiese model vir studentedienste soos dit weergee word deur Williamson (sien figuur 2.3) word as riglyn gebruik vir die konstruksie van 'n voorgestelde teoretiese model vir Suid-Afrika.

Hierdie voorgestelde teoretiese model vir studentedienste word dan empiries

geëvalueer. Die vraelys wat gebruik is, word in bylae 2 weergegee. Die evaluering is gedoen deur die uitvoerende beamptes van die studentediensdepartement aan die verskeie tersiêre opvoedkundige instansies.

Die inligting is verwerk om 'n model vir studentediens te ontwerp wat aan Suid-Afrikaanse tersiêre inrigtings gebruik kan word.

### 3.5 STRUKTURERING VAN 'N TEORETIESE MODEL

Inligting oor die bestaande Europese, Amerikaanse en Suid-Afrikaanse sisteme is reeds ingewin. Dit word nou aanvullend gebruik om 'n organisasiestruktuur vir 'n studentediensdepartement voor te stel.

Die riglyne wat gebruik is vir die formulering van hierdie voorgestelde teoretiese model vir studentediens, is saamgestel uit:

- die Amerikaanse model vir studentediens soos gesien deur Williamson (sien figuur 2.3); en
- die bestaande Suid-Afrikaanse strukture vir studentediens soos dit bepaal is in die voorondersoek (sien figuur 2.4 en 2.5):

Die rede vir die gebruikmaking van die spesifieke Amerikaanse model is dat dit ook implementeerbaar is vir die gemiddelde Suid-Afrikaanse universiteit, veral ten opsigte van die ooreenkoms in basiese studentebehoeftes en -getalle.

Met die konstruering en samestelling van 'n diensstruktuur is daar gepoog om die totale behoefteprofiel van studentediens te akkommodeer en sodoende

'n model vir optimale dienslewering aan studente daar te stel. Vir 'n diagrammatiese voorstel van hierdie teoretiese model sien fig. 3.1.

### 3.6 DIE VRAELYS AS MEETINSTRUMENT

#### 3.6.1 Inleiding

In hierdie ondersoek na studentediensdepartemente aan tersiêre opvoedkundige inrigtings word daar slegs van een meetinstrument gebruik gemaak - die vraelys. Die vraelys is saamgestel om die mees relevante inligting met betrekking tot studentediensdepartemente en ook gelewerde studentedienste te kan inwin. Vir 'n voorbeeld van hierdie vraelys sien bylae 2.

#### 3.6.2 Die ontwerp van die vraelys


Die doel met hierdie vraelys is om deur middel van doelwitgerigte vraagstelling alle relevante inligting met betrekking tot die struktuur, diens, bedryfsorganisasie en finansiering van studentedienste te bekom.

Hierdie vraelys is sodanig ontwerp dat die betrokkenes inligting moes verskaf ten opsigte van algemene studentedienste, toegespits op eie ervaring:

- 'n skematiese uiteensetting van huidige strukture vir studentedienste;
- 'n skematiese uiteensetting van 'n ideale teoretiese model vir studentedienste; en
- dienste wat tans deur die betrokke departemente geadministreer word.

Die voorgestelde teoretiese model vir studentedienste soos dit in

FIGUUR 3.1: 'N TEORETIESE MODEL VIR 'N STUDENTEDIENSDEPARTEMENT



figuur 3.1 voorgehou word, word vervolgens geëvalueer.

Hierdie inligting sal aangewend word om 'n model vir studentediensdepartemente saam te stel om sodoende optimale diens aan studente te kan lewer.

### 3.6.3 Beskrywing van die vraelys

Die vrae in hierdie vraelys kan in vier primêre groepe verdeel word: die struktuur en dienste van huidige studentediensdepartemente, die struktuur en dienste van optimale studentediensdepartemente, die struktuur en dienste van huidige voorligtingsdiensdepartemente en 'n evaluering van die voorgestelde teoretiese model vir studentediensdienste. Elke vraag kan soos volg nader omskryf word.

#### 3.6.3.1 Struktuur en dienste van huidige studentediensdepartement

Daar word gepoog om die huidige diensdepartemente wat aan tersiêre opvoedkundige inrigtings voorkom op 'n tweeledige wyse te evalueer.

- Eerstens word die persoon wat die vraelys voltooi, versoek om 'n skematiese uiteensetting van die huidige studentediensdepartement weer te gee.
- Tweedens word die betrokke persoon wat die vraelys voltooi, versoek om die dienste wat tans deur die studentediensdepartement geadministreer word, weer te gee.

#### 3.6.3.2 Struktuur en dienste van huidige voorligtingsdiensdepartement

Die studentevoorligtingsdiensdepartemente wat huidiglik aan tersiêre opvoedkundige inrigtings voorkom, word op die volgende wyse geëvalueer.

- Eerstens word die persoon wat die vraelys voltooi, versoek om 'n skematiese uiteensetting te gee van die huidige studentevoorligtingsdiensdepartement.
- Tweedens word die respondent versoek om alle inligting ten opsigte van die geregistreerde sielkundiges, gemiddelde kliëntehantering, dienste gelewer, finansiering van dienste en relevante bedryfsinligting te voorsien.

#### 3.6.3.3 Voorgestelde struktuur vir 'n studentediensdepartement

Die persoon wat die vraelys voltooi, word versoek om vir sy spesifieke inrigting 'n skematiese uiteensetting te maak van die ideale teoretiese model van studentedienste, asook die diensomvang wat dit sal inhou.

#### 3.6.3.4 Evaluering van voorgestelde teoretiese model vir studentedienste

Die persoon wat die vraelys voltooi, word versoek om die voorgestelde teoretiese model vir 'n studentediensdepartement te evalueer ten opsigte van die volgende twee aspekte:

- of hierdie struktuur wel voldoen aan die Suid-Afrikaanse behoefteprofiel en of dit as teoretiese model vir studentedienste beskou kan word; en
- of hierdie struktuur met die nodige aanpassing implementeerbaar sal wees in die organisasiestruktuur van die inrigting waaraan die betrokke persoon verbonde is.

### 3.7 VERWERKING EN EVALUERING VAN INLIGTING

#### 3.7.1 Verwerking van inligting

Van die 26 inrigtings wat by die Vereniging vir Studentevoorligting in Suid-Afrika geregistreer is, het 23 op die vraelys gereageer. Een van hierdie inrigtings is tans besig met 'n evaluering en opgradering van die bestaande struktuur vir studentedienste en as gevolg daarvan kon hulle vraelys nie gebruik word nie.

Hierdie 22 inrigtings se vraelyste sal as verteenwoordigend (n=22) van alle Suid-Afrikaanse tersiêre opvoedkundige inrigtings beskou word. Hierdie groep verteenwoordig 85% van alle inrigtings wat by die Vereniging vir Studentevoorligting geregistreer is en verteenwoordig ook 60% van alle tersiêre opvoedkundige inrigtings wat wel een of ander vorm van diens aan studente lewer.

Die verkreë teikengroep van 22 sal as vergelykingskriteria in hierdie studie gebruik word. Die ja-antwoord op alle vrae sal as 'n persentasie van hierdie groep (n=22) uitgedruk word. Die inligting sal as empiriese vergelykende verhoudings weergegee word.

#### 3.7.2 Evaluering van inligting

Die inligting wat met behulp van hierdie vraelyste versamel is, word na bruikbare data omgeskakel deur van 'n rekenaar gebruik te maak. Hierdie inligting word dan gebruik om 'n studie uit te voer wat die voorgestelde teoretiese model vir studentedienste vergelyk met die studentedienste wat tans in Suid-Afrika aangetref word. Daar word spesifiek gelet op

die struktuur, bedryfsorganisasie en dienste van so 'n departement. Die inligting ten opsigte van die vier groepe vrae word vergelykend geëvalueer.

Indien hierdie model vir studentedienste nie voldoen aan die bestaande behoeftes nie sal die nodige struktuuraanpassings (soos voorgestel deur die betrokkenes wat die vraelyste voltooi het) aangebring word.

### 3.8 BETROUBAARHEID EN GELDIGHEID

Die betroubaarheid van hierdie ondersoek is afhanklik van die graad van akkuraatheid en dië konstantheid waarmee die inligting deur alle betrokkenes hanteer is. Die faktor wat die grootste invloed op die betroubaarheid van hierdie studie behoort te hê, is die objektiwiteit waarmee die vraelyste voltooi was. Die respons van alle persone ten opsigte van hierdie studie behoort 'n goeie aanduiding weer te gee van die belangrikheidspremie wat daar op hierdie dienste geplaas word.

#### 3.8.1 Empiriese data

Die empiriese dataresultate word as geldig en betroubaar geverifieer as gevolg van die volgende feite:

- die groep respondente (n=22) het positief gereageer en verteenwoordig 85% van alle inrigtings wat by die V.S.S.A. geregistreer is;
- die respondente wat positief gereageer het, is 60% van alle inrigtings wat wel dienste aan studente lewer;
- die universiteitsrespondente wat positief gereageer het verteenwoordig 90% van alle universiteite in Suid-Afrika; en

- die groep respondente wat positief gereageer het, is 50% van alle tersiêre opvoedkundige inrigtings, ongeag of hulle dienste aan studente bied of nie.

### 3.8.2 Statistiese ekstrapolasie

Indien die aantal inrigtings wat by die V.S.S.A. geregistreer is, beskou word as die steekproef ( $N=26$ ) van alle tersiêre inrigtings en die groep ( $n=22$ ) wat wel gerespondeer het as die positiewe uitkoms ( $x=22$ ), dan sal die volgende geld:

Vir 'n betroubaarheidsvlak van 99% met  $N=26$  en  $x=22$ , sal daar vir die tersiêre inrigting in totaal geld dat tussen 59% en 97,25% wel sou gereageer het op die vraelys (Lentner, 1982:90).

Vir 'n betroubaarheidsvlak van 99% sal 'n gemiddeld van 78% van alle tersiêre inrigtings moes reageer op die vraelys. Dit was wel die geval.

Uit bogenoemde kan die inligting as verteenwoordigend, geldig en betroubaar beskou word vir die Suid-Afrikaanse konteks van studentedienste.

### 3.9 SAMEVATTING

Vanweë Suid-Afrika se eiesoortige kultuurhistoriese ontwikkeling is dit verstaanbaar dat die behoefteprofiel van studentedienste plaaslik uniek is vir elke inrigting. Die gediversifiseerde behoefteprofiel van studentedienste is 'n direkte gevolg van die unieke kultuurerfenisse in Suid-Afrika.

Alhoewel die behoefteprofiel ten opsigte van studentediens te grootliks verskil van instansie tot instansie, bestaan die verwagting dat daar met behulp van die inligting wat tydens hierdie studie bekom is, 'n algemeen-geldende model vir studentediens te gekonstrueer sal kan word.

## HOOFSTUK 4: NAVORSINGSRESULTATE

### 4.1 INLEIDING

Die resultate wat tydens hierdie ondersoek verkry is, word in hierdie hoofstuk aangebied, bespreek en geëvalueer. Ook word die navorsingsproblematiek wat tydens hierdie studie ten opsigte van empiriese evaluering ondervind is, bespreek.

Die vergelykende resultate van die groepe primêre vrae sal in 'n 'organisasie-struktuur'- en tabelvorm weergee word en wel in die volgorde:

- huidige studentediensdepartemente;
- huidige studentevoorligtingsdienste;
- voorgestelde optimale struktuur en dienste vir studentedienste; en
- voorgestelde teoretiese model vir studentedienste.

Vervolgens sal die navorsingsinligting geëvalueer en bespreek word. Die evaluering van hierdie inligting sal aan die hand van struktuur-, dienste- en bedryfsorganisasoriese faktore gedoen word.

### 4.2 NAVORSINGSPROBLEMATIEK

Daar is aanvanklik 39 vraelyste gestuur aan 26 geregisteerde inrigtings van die Vereniging vir Studentevoorligting in Suider-Afrika (V.S.S.A.). Die respons op hierdie vraelyste was sodanig dat daar telefonies met hierdie inrigtings geskakel moes word. Gevolglik moes 6 alternatiewe vraelyste aan 4 van die betrokke inrigtings gestuur word.

Van die inrigtings betrokke by hierdie ondersoek het afsonderlike departemente vir studentediens te gehad. Dit was dus nodig om meer as een vraelys aan hierdie inrigtings te stuur. In sulke gevalle is die twee vraelyste saamgevoeg om te verseker dat die inligting wel verifieerbaar is.

#### 4.3 OMSKRYWING VAN NAVORSINGSRESULTATE

##### 4.3.1 Inleiding

Die data wat hier in organisasiestruktuur en tabelvorm aangebied word, is 'n verwerking van inligting.

Die organisasiestruktuur is verteenwoordigend van alle studentediensstrukture wat in die Suid-Afrikaanse konteks aangetref word. Dit dek dus huidige studentediensdepartemente, studentevoorligtingsdiensdepartemente en voorgestelde teoretiese modelle vir studentediens te.

Al die tabelle word soos volg aangebied. Daar sal deurgaans vyf kolomme wees.

In kolom een word die veranderlikes weergegee van die dienste gelewer/stellings geformuleer/vrae gestel.

In kolom twee word die veranderlikes weergegee wat nie beantwoord was nie.

In kolom drie word die negatiewe antwoord ten opsigte van die veranderlike (d.w.s. 'Nee') weergegee.

In kolom vier word die positiewe antwoord ten opsigte van die veranderlike (d.w.s. 'Ja') weergegee.

In kolom vyf word die positiewe antwoord (d.w.s. 'Ja') as 'n persentasie (%) van die teikengroep (n=22) uitgedruk.

Die 22 vraelyste sal as verteenwoordigend (n=22) van alle Suid-Afrikaanse tersiêre opvoedkundige inrigtings beskou word.

#### 4.3.2 Huidige studentediensdepartemente

In hierdie paragraaf word die organisasiestrukture en dienste weergegee soos dit tans aan studentediensdepartemente in Suid-Afrika ondervind word.

##### 4.3.2.1 Organisasiestrukture

Voorbeelde van skematiese voorstellings van die strukture word weergegee in figuur 2.4, figuur 2.5, figuur 4.1, figuur 4.2 en figuur 4.3.


Hierdie strukture kan beskou word as die versameling van verteenwoordigende strukture vir studentediensdepartemente soos dit tans in die Suid-Afrikaanse sisteem van tersiêre inrigtings aangetref word.

##### 4.3.2.2 Dienste

Spesifieker inligting ten opsigte van dienste en bedryfsaspekte van studentediensleweringdepartemente word skematies voorgestel in die volgende tabelle. In tabel 4.3.2.2 (a) word alle relevante inligting rakende die huidige dienste aan tersiêre opvoedkundige inrigtings wat deur die studentediens-


departement geadministreer word, weergegee. Die koste-implikasie asook die belangrikheid daarvan kan gevind word in tabel 4.3.2.2 (b). Tabel 4.3.2.2 (c) gee die mening weer van alle betrokkenes ten opsigte van wie die uitvoerende hoof van 'n studentediensdepartement behoort te wees. In tabel 4.3.2.2 (d) word die mening van alle betrokkenes ten opsigte van wie die direkte hoof van 'n studentediensdepartement behoort te wees, weer=gegee.

FIGUUR 4.1 VOORBEELD VAN 'N STUDENTEDIENSDEPARTEMENT V




Nota: Voorbeeld van 'n gesentraliseerde, nie-gekatogoriseerde studentediensdepartement soos dit huidig in Suid-Afrika aangetref word.

FIGUUR 4.2: VOORBEELD VAN 'N STUDENTEDIENSDEPARTEMENT VI



Nota: Voorbeeld van 'n gesentraliseerde, gekategoriseerde studentediensdepartement soos dit huidig in Suid-Afrika aangetref word.

FIGUUR 4.3: VOORBEELD VAN 'N STUDENTEDIENSDEPARTEMENT IV



Nota: Voorbeeld van 'n nie-gesentraliseerde, nie-gekatogoriseerde studentediensdepartement soos dit huidig in Suid-Afrika aangetref word.

TABEL 4.3.2.2 (a): DIENSTE WAT TANS DEUR 'N STUDENTEDIENSDEPARTEMENT

GEADMINISTREER WORD

DIENSTE	nie Beantwoord nie	Nee	Ja	Ja as % van n
Studente mediese diens	-	-	9	41%
Studentevoorligtingsdiens	-	-	21	95%
Studenteraad	-	-	14	64%
Sportburo	-	-	12	55%
Studentegemeenskapsdiens	-	-	10	45%
Studenteadviseurs (kultuur, koshuissake, finansies, ens.)	-	-	10	45%
Koshuisadministrasie	-	-	7	32%
Studenteakkommodasie	-	-	7	32%
Buitelandse studente	-	-	4	18%
Beurse en lenings	-	-	1	5%
Studentenavorsing	-	-	1	5%
Joolkomitee	-	-	1	5%
Voorligting aan personeel	-	-	1	5%
Militêre buro	-	-	1	5%

TABEL 4.3.2.2 (b): DIE BELANGRIKHEID EN KOSTE-IMPLIKASIE VAN  
STUDENTEDIENSTE

STELLING/VRAAG	Nie Beantwoord nie	Nee	Ja	Ja as % van n
Lewer studentediens te wel 'n bydrae tot die vorming en opvoeding van studente	-	-	22	100%
Beskou studente hierdie dienste as:				
- noodsaaklik en belangrik	2	-	20	90%
- bloot 'n instelling	5	14	3	13%
Is die koste-implikasie van studentediens te wel verantwoord=baar in terme van gelewerde resultate	2	-	20	90%

TABEL 4.3.2.2 (c): DIE UITVOERENDE HOOF VAN 'N STUDENTEDIENSDEPARTEMENT

OMSKRYWING	Nie Beantwoord nie	Nee	Ja	Ja as % van n
Staffunksie van die rektor	-	-	7	32%
Vise-rektor	-	-	14	64%
Registrateur	-	-	1	5%

TABEL 4.3.2.2 (d): DIREKTE HOOFBESTUUR VAN 'N STUDENTEDIENSDEPARTEMENT

OMSKRYWING	Nie Beantwoord nie	Nee	Ja	Ja as % van n
Studentedekaan	-	-	10	45%
Direkteur van Studenteburo	-	-	12	55%

### 4.3.3 Huidige studentevoorligtingsdienste

Hierdie paragraaf omskryf die organisasiestrukture en dienste soos dit tans ondervind word aan studentevoorligtingsdiensdepartemente.

#### 4.3.3.1 Organisasiestrukture

Die organisasiestrukture van studentevoorligtingsdiensdepartemente soos dit tans aan tersiêre inrigtings voorkom, sal vervolgens weergegee word. Die versameling strukture vir bestaande studentediensdepartemente word in figuur 4.4, figuur 4.5 en figuur 4.6 ontleed.


#### 4.3.3.2 Dienste

Die spesifieke inligting ten opsigte van die bedryfsaspekte en -dienste wat deur 'n studentevoorligtingsdiensdepartement gelewer word, kom nou onder die loep.

4.3.3.2 (a) In tabel 4.3.3.2 (a) word die relevante inligting ten opsigte van dienste wat tans deur die personeel en fasiliteite van voorligtingsdiensdepartemente aan studente gelewer word, weergegee.


4.3.3.2 (b) Die inligting ten opsigte van die bedryf en finansiering van 'n studentevoorligtingsdiensdepartement word in tabel 4.3.3.2 (b) verstrekk.

FIGUUR 4.4: STUDENTEVOORLIGTINGSDIENSDEPARTEMENT I




Nota: Voorbeeld van 'n studentevoorligtingsdiensdepartement soos dit tans in Suid-Afrika bedryf word.

FIGUUR 4.5: STUDENTEVOORLIGTINGSDIENSDEPARTEMENT II



Nota: Voorbeeld van 'n studentevoorligtingsdiensdepartement soos dit tans in Suid-Afrika bedryf word.

FIGUUR 4.6: STUDENTEVOORLIGTINGSDIENSDEPARTEMENT III



Nota: Voorbeeld van 'n studentevoorligtingsdiensdepartement soos dit tans in Suid-Afrika bedryf word.

TABEL 4.3.3.2 (a): DIENSTE WAT TANS DEUR STUDENTEVOORLIGTINGSDIENSTE  
GELEWER WORD.

DIENSTE GELEWER	Nie Beantwoord nie	Nee	Ja	Ja as % van n
Leesverbetering	-	-	14	64%
Studiemetodeprogramme	-	-	21	95%
Spraakterapie	-	-	3	14%
Beroeps- en kursusvoorligting	-	-	20	90%
Psigoterapie	-	-	19	86%
Beroepsinligting	-	-	19	86%
Luistervaardighede	-	-	1	5%
Konsultasie met dosente en studenteadviseurs in koshuise	-	-	1	5%
Akademiese ondersteuningsdienste	-	-	1	5%

TABEL 4.3.3.2 (b): DIE FINANSIERING EN BEDRYF VAN VOORLIGTINGSDIENSTE

STELLING/VRAAG	Nie Beantwoord nie	Nee	Ja	Ja as % van n
Dienste aan voornemende studente: - word so 'n diens gelewer? - word diens gratis verskaf?	1 4	3 10	18 8	82% 36%
Is diens by die SAGTR geakkrediteer vir opleidingsdoeleindes?	1	10	11	50%
Dienste word gefinansier deur - heffing op registrasie- of klasgelde - universiteitsfondse	8 3	4 -	10 19	45% 86%
Is finansiële voorsiening vir hierdie diens voldoende?	2	12	8	36%
Is voorgestelde voorsiening vir personeel volgens SANSO-110 (Tabel 8) voldoende?	6	7	9	40%

#### 4.3.4 Voorgestelde struktuur van 'n studentediensdepartement vir optimale funksionering

Alle betrokkenes was versoek om:

- 'n skematiese uiteensetting te gee van 'n voorgestelde struktuur vir 'n 'ideale' model van studentediens aan die betrokke inrigting; en
- aan te toon watter dienste deur 'n studentediensdepartement gadministreer behoort te word.

##### 4.3.4.1 Voorgestelde struktuur

Twee belanghebbendes het op hierdie vraag gereageer en het strukture voorgestel om die bestaan studentediensdepartemente aan hul inrigtings te verbeter. Die een voorstel was die algemeen aanvaarde Amerikaanse struktuur vir studentediens (soos weergegee in figuur 4.7). Die tweede voorstel is 'n geringe wysiging van 'n bestaande struktuur, met die oorkoepelende doel om die effektiwiteit van vertikale en horisontale skakeling asook koördinasie te verhoog. Hierdie voorgestelde struktuur word in figuur 4.8 verstrekk.

Die reaksie van die betrokkenes op die voorstel om 'n 'ideale' model van studentediens te lewer, was soos volg:

- voorsien geen verandering van die bestaande model nie en funksioneer goed binne die raamwerk van die gegewe opset;
- eie studentediens is nog in 'n beplanningstadium en kan derhalwe nie kommentaar lewer nie;
- verkies die bestaande struktuur, maar kan meer uitgebrei word vir 'n beter


balans;

- die huidige struktuur word met toepaslike opgradering van dienste behou sodat afdelingshoofde direk aan die Studentedekaan kan rapporteer.

#### 4.3.4.2 Dienste


In tabel 4.3.4.2 word die dienste van 'n studentediensdepartement - soos deur alle betrokkenes aangedui - weergegee. Die betrokkenes dui ook aan dat hierdie dienste deur 'n studentediensdepartement behoort geadministreer te word.

FIGUUR 4.7: AMERIKAANSE STRUKTUUR VAN 'N STUDENTEDIENSDEPARTEMENT



Nota: Voorgestelde Amerikaanse struktuur vir studentediens om die bestaande struktuur aan betrokke inrigting te verbeter.

FIGUUR 4.8: STRUKTUUR VIR MEER EFFEKTIEWE SKAKELING IN 'N STUDENTEDIENS-  
DEPARTEMENT



TABEL 4.3.4.2: DIENSTE WAT DEUR STUDENTEDIENSDEPARTEMENTE GEADMINISTREER MOET WORD

DIENSTE	Nie Beantwoord nie	Nee	Ja	Ja as % van n
Studentevoorligtingsdiens	-	-	20	90%
Studentegemeenskapsdiens	-	-	17	77%
Studenteadviseurs (finansieel, kultuur, ens.)	-	-	17	77%
Studenteraad	-	-	16	72%
Sportburo	-	-	15	68%
Studente mediese diens	-	-	15	68%
Buitelandse studente	-	-	9	40%
Koshuisadministrasie	-	-	8	36%
Studenteakkommodasie	-	-	7	32%
Militêre buro	-	-	6	27%
Akademiese standaarde	-	-	9	40%
Voorligting aan personeel	-	-	1	5%
Studentenavorsing	-	-	1	5%

Nota: Respondente dui aan dat die bogenoemde dienste deur 'n studentediensdepartement geadministreer behoort te word.

#### 4.3.5 Voorgestelde teoretiese model vir studentedienste

Die voorgestelde teoretiese model vir studentedienste (sien fig. 3.1) word aan die hand van die volgende twee vrae geëvalueer:

- of hierdie struktuur as teoretiese model beskou kan word; en
- of dit wel met die nodige aanpassings implementeerbaar sal wees.

Hierdie evaluering word gedoen om die geldigheid en aanpasbaarheid van hierdie teoretiese model te toets.

TABEL 4.3.5: 'N TEORETIESE MODEL

VRAE	Nie Beantwoord nie	Nee	Ja	Ja as % van n
Voldoen die model sodanig aan die S.A.-behoefteprofiel om as teoretiese model vir studentedienste aanvaar te kan word?	1	6	15	70%
Is hierdie struktuur wel aanpasbaar en implementeerbaar in u huidige stelsel?	1	11	10	45%

Nota: Tabel gee die respondente se siening ten opsigte van die voorgestelde teoretiese model weer.

#### 4.4 EVALUERING EN BESPREKING VAN NAVORSINGSRESULTATE

In die paragraaf word die resultate van hierdie ondersoek ten opsigte van studentediensdepartemente evaluerend bespreek.

##### 4.4.1 Huidige studentediensdepartemente

###### 4.4.1.1 Organisasiestruktuur

Die verskillende behoeftes, ontwikkelinge asook die eiesoortigheid van elke inrigting ten opsigte van studente- en voorligtingsdienste word duidelik omskryf deur die organisasiestrukture. Vergelyk in die verband figuur 2.4, figuur 2.5, figuur 4.1, figuur 4.2 en figuur 4.3.

Die ooglopendste ooreenkoms ten opsigte van hierdie inrigtingeie strukture vir studentedienste is dat 'n direkteur of studentedekaan die direkte hoof is en dat 'n registrateur of 'n vise-rector die uitvoerende hoof is. Die grootste verskille ten opsigte van studentediensdepartemente lê daarin opgesluit dat die saak toegewys word aan verskillende departemente. Dit kan deur 'n akademiese departement of nie-akademiese departement of selfs deur albei geadministreer word.

Alhoewel strukture vir diensdepartemente verskil van inrigting tot inrigting, is daar tog 'n beduidende korrelasie tussen hierdie strukture enersyds en die voorgestelde teoretiese model andersyds. Gevolglik word hierdie versameling studentediensstrukture krities hanteer met die herkonstruering van die teoretiese model.

#### 4.4.1.2 Dienste aan 'n studentediensdepartement en 'n studentevoorligtingsdepartement

'n Vergelyking van die geïdentifiseerde dienste wat tans deur studentediensdepartemente geadministreer word asook geïdentifiseerde dienste wat verkieslik deur hulle behartig moet word, kan gevind word in tabel 4.4.1 (a). Slegs twee van die tien geïdentifiseerde dienste word tans aan 64% van die betrokke inrigtings geadministreer deur die funksionering van 'n studentediensdepartement. Ongeveer 68% van die betrokke inrigtings beveel aan dat minstens ses van die voorgestelde tien dienste deur 'n studentediensdepartement behoort geadministreer te word. Uit tabel 4.4.1 (a) blyk dit dat die dienste nie tans deur die regte departemente geadministreer word nie.

'n Konstruering van 'n voorgestelde model vir studentedienste sal die resultate soos weergegee in tabel 4.4.1 (a) in ag moet neem om as riglyn te dien.

Die dienste wat tans deur voorligtingsdiensdepartemente aan studente gelewer word, word weergegee in tabel 4.3.3.2 (a). Van die ses geïdentifiseerde dienste word vier daarvan gelewer aan 80% van die inrigtings.

Hierdie dienste - wat algemeen aan studentevoorligtingsdiensdepartemente voorkom - word geïdentifiseer. Die inligting sal gebruik word in die konstruering van 'n voorgestelde model vir studentedienste.

#### 4.4.1.3 Noodsaaklikheid, koste-implikasie en die bedryf van studentedienste

Die inligting ten opsigte van die belangrikheid van studentedienste kan in tabel 4.3.2.2 (b) gevind word.

TABEL 4.4.1 (a): VERGELYKING VAN GEIDENTIFISEERDE DIENSTE

DIENSTE	DIENSTE WAT TANS DEUR 'N STUDENTEDIENSDEPARTEMENT GEADMINIS- TREER WORD		'N STUDENTEDIENSDEPAR- TEMENT <u>BEHOORT</u> DIE VOL- GENE DIENSTE TE ADMIN- ADMINISTREER	
	JA	Ja as % van n	JA	Ja as % van n
Studentevoorligtingsdiens	21	95%	20	90%
Studentegemeenskapsdiens	10	45%	17	77%
Studenteadviseurs (finansieel; kultuur ens.)	10	45%	17	77%
Studenteraad	14	64%	16	72%
Sportburo	12	55%	15	68%
Studente mediese diens	9	41%	15	68%
Buitelandse studente	4	18%	9	40%
Koshuisadministrasie	7	32%	8	36%
Studenteakkommodasie	7	32%	7	32%
Militêre buro	1	5%	6	27%

Die mening van alle persone betrokke by hierdie studie is dat die dienste wat aan studente gelewer word wel positief bydra tot die vorming en opvoeding van die studentegemeenskap. Dit word nie net as belangrik beskou nie, maar as noodsaaklik.

Die inligting ten opsigte van die koste-implikasie verbonde aan studentedienste word getoon in tabelle 4.3.2.2 (b) en 4.3.3.2 (b).

Die oorwoë mening van betrokkenes by hierdie navorsingsprojek is dat die koste-implikasie van studentedienste in die huidige stelsel wel verantwoordbaar is in terme van gelewerde resultate. Die mening word egter uitgespreek dat finansiële voorsiening vir studentedienste nie voldoende is vir die effektiewe funksionering en uitbreiding van hierdie dienste nie.

Tabelle 4.3.2.2. (c), 4.3.2.2 (d) en 4.3.3.2 (b) lewer bewys van resultate behaal ten opsigte van bedryfsaspekte vir studentedienste en studentevoorligtingsdienste.

Die persone betrokke by hierdie ondersoek het aangedui dat die uitvoerende hoof van 'n studentediensdepartement verkieslik die vise-reaktor moet wees. Alternatiewelik kan die direkte hoof as staffunksie tot die rektor funksioneer.

Daar is algehele eenstemmigheid dat die direkte hoof van 'n studentediensdepartement of 'n direkteur of 'n studentedekaan moet wees.

Van die instansies wat betrokke was by hierdie ondersoek, is slegs die helfte van die studentevoorligtingsdienste by die SAGTR geakkrediteer vir die opleiding van geregistreeerde sielkundiges.

Die noodsaaklikheid, koste-implikasie en bedryf van studentediensdepartemente sal deeglik in ag geneem moet word met die herkonstruering van 'n voorgestelde model vir studentedienste.

#### 4.4.2 Voorgestelde struktuur vir optimale funksionering

Die oorgrote meerderheid van die betrokkenes (75%) wat versoek is om 'n skematiese voorstel vir 'n 'ideale' model van studentedienste te maak was van mening dat daar tans gēen moontlike verandering van die bestaande model kan wees nie. Dit is hoofsaaklik so omdat dit tans goed funksioneer binne die raamwerk van die gegewe opset. Dit blyk duidelik dat die status quo in die nabye toekoms gehandhaaf sal word. Die snelveranderende behoefteprofiel van die verskillende studentegemeenskappe sal egter vereis dat die huidige strukture aangepas sal moet word om hierdie veranderende behoeftes te bevredig.

Slegs ēen van die twee voorgestelde strukture sal wel 'n positiewe bydra kan lewer tot die herstrukturering van die teoretiese model vir 'n studentediensdepartement. In figuur 4.8 word voorgestel dat die horisontale skakeling van die dienslewingsdepartement meer funksioneel beplan en gekoördineer word.

#### 4.4.3 'n Teoretiese model vir 'n studentediensdepartement

Die evaluering van die voorgestelde teoretiese model vir studentedienste is aan die hand van vraag 17 van die vraelys gedoen. Die vraelys word verskaf in bylae 2. Die evaluering van hierdie struktuur as moontlike 'ideale' teoretiese model vir studentedienste word in tabel 4.3.5 weergegee.

Ongeveer 70% van alle betrokkenes was van mening dat hierdie struktuur (weergee in figuur 3-1) wel voldoen aan die Suid-Afrikaanse behoefteprofiel en kan as moontlike 'ideale' teoretiese model vir studentedienste beskou word. Slegs 45% van alle betrokkenes het egter gedink dat dit aanpasbaar en implementeerbaar sal wees in hulle huidige organisasiestruktuur. Die betrokkenes het die volgende aangedui as groot probleemareas ten opsigte van implementering van die voorgestelde struktuur:

- die dienste betrokke aan hierdie struktuur is te omvangryk; en
- dit is nie moontlik dat alle dienste onder een uitvoerende en direkte hoof kan ressorteer nie.

#### 4.4.3.1 Statistiese ekstrapolasie van die evaluering van die voorgestelde teoretiese model

Indien die groep ( $n=22$ ) wat reageer het as die steekproef ( $N=22$ ) van alle tersiêre inrigtings beskou word, en die betrokkenes wat bepaal het dat die voorgestelde teoretiese model wêl die Suid-Afrikaanse behoefteprofiel bevredig, beskou word as die positiewe afloop ( $x=15$ ), kan daar volgens Lentner (1982:89) die volgende afleiding gemaak word:

Vir 'n betroubaarheidsvlak van 99% met  $N=22$  en  $x=15$  vir die totale populasie van tersiêre inrigtings geld dat tussen 38,77% en 89,76% wêl 'n positiewe (ja) antwoord sou gegee het t.o.v. die voorgestelde teoretiese model.

Vir 'n betroubaarheidsvlak van 99% sal 'n gemiddeld van 65% van alle tersiêre inrigtings positief reageer. Die inrigtings sal dus wêl die voorgestelde teoretiese model as verteenwoordigend vir die Suid-Afrikaanse konteks

van studentediensdienste aanvaar.

Die hoofdoelstelling van hierdie studie is om 'n 'ideale' aanpasbare (teoretiese) model vir studentediensdienste daar te stel. Die aanpasbaarheid en praktiese implementeerbaarheid van so 'n model binne die individuele organisasieraamwerk van tersiêre opvoedkundige instansies kan egter probleme skep. Steeds sal gepoog word om die nodige strukturele- en organisatoriese aanpassings (soos voorgestel deur alle betrokkenes) in aanmerking te neem wanneer 'n model gekonstrueer word.

#### 4.5 SAMEVATTING

Die diversiteit van organisasiestrukture vir studentediensdepartemente is in hierdie hoofstuk ondersoek. Afgesien van die uiteenlopende aard van hierdie strukture het dit tog 'n beduidende korrelasie met die voorgestelde teoretiese model vir studentediensdienste. Hierdie strukture toon ook eiesoortige behoeftes rakende studentediensdienste soos dit in die verskillende inrigtings ondervind word. Alhoewel die omvang van huidige studentediensdienste grootliks in die verskillende inrigtings ooreenstem, word daar 'n groot verskil opgemerk ten opsigte van die strukturering van hierdie dienste. Dit het tot gevolg dat sekere van die gelewerde dienste nie deur 'n studentediensdepartement geadministreer word nie. Hierdie dienste lewer tog 'n positiewe bydra tot die vorming en opvoeding van die studentegemeenskap.

Dit blyk baie duidelik dat bedryfs- en organisatoriese aspekte van 'n studentediensdepartement van groot belang is. Die diensleweringmotief van so 'n departement vir studentediensdienste moet egter te alle tye as die eerste en belangrikste prioriteit beskou word.

Die bevindinge van hierdie studie wys onomwonde uit dat die voorgestelde struktuur, met aanpassings waar nodig, in so 'n mate voldoen aan die Suid-Afrikaanse behoefteprofiel om as 'n ideale model vir studentediens gebruik te word.

## HOOFSTUK 5: 'N VOORGESTELDE MODEL

### 5.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk sal die relevante literatuur en navorsingsbevindinge gekonsolideer word met die doel om die voorgestelde teoretiese model vir studentediens te herkonstrueer. Die aspekte van 'n studentediensdepartement wat in dié verband ondersoek sal word, is 'n organisasie-ontwikkelingstrategie, bedryfsaspekte, dienste gelewer asook die organisasiestruktuur. Aanbevelings ten opsigte van die voorafgaande aspekte van 'n studentediensdepartement sal ook in hierdie hoofstuk te berde gebring word. Die herformuleerde model vir die organisasiestruktuur van 'n studentediensdepartement sal ook gegee word.

Hierdie voorgestelde model vir studentediens sal ten slotte ook opsommend bespreek word.

### 5.2 ORGANISASIE-ONTWIKKELING

#### 5.2.1 Inleiding

Volgens Coetsee et al. (1978) is dit bekend dat heelwat geld en man-ure bestee word aan organisasie-ontwikkeling. Die navorsing wat deur Bowers (1976), Kahn (1974), en Levinson (1972) gedoen is, dui daarop dat alhoewel organisasie-ontwikkeling reeds vir drie dekades in die Verenigde State van Amerika toegepas word, daar min wetenskaplike bewyse bestaan dat dit gelei het tot die verhoging van individuele en organisasiedoeltreffendheid. Hierdie kenners is dit eens dat die resultate van organisasie-ontwikkelingspogings nie dikwels bekend gemaak word nie. Daarom is die gevolge en

uitwerking wat die toepassing en gebruik van organisasie-ontwikkelingstegnieke het, nog relatief onbekend.

### 5.2.2 'n Definisie van organisasie-ontwikkeling

Aangesien daar verskillende sieninge bestaan van organisasie-ontwikkeling is daar ook verskeie definisies. Die definisie van Benchard (in Coetsee et al., 1978) is 'n goeie opsomming van wat daarmee bedoel word:

"Organization" development is an effort

- (1) planned
- (2) organization wide, and
- (3) managed from the top, to
- (4) increase organizational effectiveness and health through
- (5) planned interventions in the organizations processes using behavioural science knowledge."

Organisasie-ontwikkeling kan ook omskryf word as

'n vorm van toegepaste wetenskap, normatiewe veranderinge, die toepassing van 'n sisteembenadering op die organisasie, prosesanalise, die bepaling van doelwitte, die samewerking van groepe asook die individue in die organisasie om die uiteindelijke doelwit naamlik groter organisasiedoeltreffendheid te verwesenlik (French et al., 1973).

### 5.2.3 Die vraag na organisasie-ontwikkeling

Baie organisasie-ontwikkelingsaktiwiteite begin wanneer die topbestuur begin twyfel oor die effektiwiteit van die werksroepe. Die bestuur is

dikwels nie bewus van die redes vir die oneffektiwiteit nie, maar neem gewoonlik net sekere simptome waar.

Organisasie-ontwikkeling ontstaan met ander woorde by die bestuur wat na meer effektiewe maniere soek om die departemente se doelwitte te bereik en sodoende ook die organisasiedoelwitte te verwesenlik. Dit kan ook gesien word as die werknemer wat homself as bekwaam beskou, maar ook besef dat hy nog meer kan leer (Beck & Hillmar, 1972).

#### 5.2.4 Tegnieke in organisasie-ontwikkelingsprogramme

Vervolgens word 'n aantal voorbeelde gegee van tegnieke wat gebruik word in organisasie-ontwikkelingsprogramme. Dit kan insluit:

- posverryking;
- industriële demokrasie op 'n sosiale vlak;
- sensitiwiteitsopleiding;
- rasonale opleiding;
- doelwitstellingkonfrontasie; en
- doelwitbestuur.

Daar bestaan 'n groot aantal moontlike tegnieke wat gebruik kan word. Die spesifieke gebruik daarvan hang af van faktore soos die groter van die organisasie, die aard van kreatiwiteit en die kultuur en omgewing waarin gefunksioneer word.

#### 5.2.5 'n Organisasie-ontwikkelingstrategie

Dit is baie belangrik om daarop te let dat slegs een departement van 'n totale organisasie beskou word wanneer 'n ontwikkelingsstrategie vir studente=

diensdepartemente gekonstrueer word. Indien die oorkoepelende doelstellings van die departemente en die organisasie dieselfde is, sal die basiese tegnieke wat nagevolg word in die organisasie noodwendig ook van toepassing wees op die departement.

Die algemene doelstelling van tersiêre opvoedkundige instansies is om die vinnig veranderende behoefteprofiel rakende opvoedkundige dienste te akkommodeer.

Die doelstelling van 'n studentediensdepartement is 'n diensleweringmotief geskoei op die algemene behoeftes van die studentegemeenskap.

'n Organisasie-ontwikkelingstrategie vir 'n studentediensdepartement kan geformuleer word deur gebruik te maak van bepaalde organisasie-ontwikkelings-tegnieke.

Vervolgens word 'n algemene organisasie-ontwikkelingstrategie vir studentediensdepartemente aan tersiêre opvoedkundige inrigtings geformuleer. Beck & Hillmar (1972) se doelstellings ten opsigte van organisasie-ontwikkeling word gebruik, en dit hou in:

- om verhoogde insette te lewer wat 'n positiewe bydra tot die uitsette van die departement teweeg sal bring;
- om die vlak van vertroue en samewerking tussen departementslede te verhoog;
- om meer aandag te gee aan departementele probleme in groep- sowel as in tussen-groepsverband;
- om 'n atmosfeer te skep waar gesag ten opsigte van 'n bepaalde pos op 'n basis van kennis en vaardigheid toegeken word;

- om kommunikasie vrylik te laat vlot in alle rigtings;
- om die vlak van persoonlike entoesiasme en bevrediging in die departement te verhoog;
- om dikwels totaliteitsoplossings vir probleme te vind;
- om die oorkoepelende doelwit van so 'n departement (hier spesifiek dan die diensleweringmotief) duidelik te omskryf; en
- om die vlak van self - en groepsverantwoordelikheid te verhoog by beplanning en implementering van departementele doelwitte.

Dit kan dus gesien word dat organisasie-ontwikkeling ten doel het om brongebruik in die departement te maksimaliseer. Menslike vermoëns en potensiaal, ook veranderende waardes, houdings en dit waaraan mense glo moet tot voordeel van die instansie ingespan word.

Daar kan dus aanbeveel word dat hierdie organisasie-ontwikkelingstrategie as riglyn gebruik sal word om sodoende die optimalisering van studentediens te aan tersiëre opvoedkundige inrigtings tot stand te bring.

#### 5.2.6 Samevatting

Organisasie-ontwikkeling ontstaan as gevolg van die vereistes van 'n veranderende omgewing, asook die beskikbaarmaking van relevante sake uit die ontwikkelende gedragswetenskappe. Die vinnige verandering in die organisasie-omgewing asook die verskuiwing in die sosiale omgewing vereis herstrukturering en prosessering.

Organisasie-ontwikkeling is 'n beplande en sistematiese proses wat gebaseer is op behoeftes en wat deur diagnose aangetoon word. Verder is dit ook 'n prognose van langtermynveranderinge wat op gedragswetenskaplike teorieë

gegrond is en waarby alle substelsels van die departement betrokke sal wees. Sodanig kan die departement of organisasie op 'n doeltreffende wyse verbeter word en kan die departementslede bevredig en meer doeltreffend gemaak word.

### 5.3 BEDRYFSASPEKTE VAN DIE VOORGESTELDE MODEL

#### 5.3.1 Finansiering

Uit die navorsing blyk dit dat die dienste wat gelewer word aan ingeskrewe studente uit universiteitsfondse gefinansier behoort te word. Die koste-implikasie vir die huidige stelsels van studentedienste is in terme van gelewerde resultate wel verantwoordbaar. Die huidige stelsel vir die finansiering van studentedienste word egter as onvoldoende beskou. Die effektiewe funksionering en uitbreiding van hierdie dienste is afhanklik van genoegsame fondse.

Daar word aanbeveel dat die finansiering van 'n studentediensdepartement vir elke inrigting afsonderlik ondersoek moet word. Dit sal verseker dat die departement wel optimaal funksioneer en sodoende kan in die behoeftes van die studentegemeenskap voldoen word.

#### 5.3.2 Bestuurstruktuur

Die oorwegende mening van alle respondente was dat die uitvoerende hoof en direkte hoof van 'n studentediensdepartement onderskeidelik die vise-rektor en die studentedekaan moet wees. Die navorsing het aangetoon dat 12 van die betrokkenes ten gunste van 'n direkteur was en 10 ten gunste van 'n studentedekaan. Dit word onomwonde deur die literatuur bewys dat

'n studentedekaan as direkte-hoof van so 'n departement 'n hoër waarskynlikheid van sukses sal hê in die saak (Gibson et al., 1983).

Die alternatiewe voorstel is dat die direkte hoof van 'n studentediensdepartement in 'n staffunksie tot die rektor moet funksioneer. Vanweë die omvang van administratiewe en organisatoriese pligte van die rektor kan dié belangrike saak skipbreuk lei. Hierdie dienste sal in sō 'n mate afgeskaal word dat dit totaal sal kwyń. Daar word in die verband aanbeveel dat die uitvoerende hoof van 'n studentediensdepartement verkieslik die vise-rektor (akademies) moet wees.

Daar word ook aanbeveel dat die direkte hoof 'n studentedekaan moet wees. Sodoende kan hy op gelyke vlak met sy akademiese eweknieë beding en skakel. Dit sal tot gevolg hê dat die akademiese en nie-akademiese ondersteuningsdienste wat deur die departement aan studente gelewer word 'n hoër vlak van erkenning by die akademici van tersiêre opvoedkundige inrigtings sal geniet.

#### 5.4 MOONTLIKE DIENSTE GELEWER DEUR DIE VOORGESTELDE MODEL

In hierdie paragraaf word die dienste van 'n studentediensdepartement - soos dit tydens die literatuur- en voorafondersoek geïdentifiseer is asook die dienste soos voorgestel deur alle betrokkenes - evaluerend bespreek. Aangesien hierdie 'n voorgestelde model vir studentediensdienste is, sal daar gepoog word om die omvang van dienste so omvattend moontlik te formuleer.

##### 5.4.1 Studentevoorligtingsdienste

Een van die ses geïdentifiseerde voorligtingsdienste, spraaktherapie,

word slegs aan drie van die betrokke inrigtings aangebied. Ten spyte daarvan, sal hierdie diens, asook die drie ander dienste - soos voorgestel deur 14% betrokkenes - in die voorgestelde struktuur vir studentevoorligtingsdienste geakkommodeer word.

Daar word deur die navorser aanbeveel dat die voorligtingsdienste soos in tabel 5.4.1 uiteengesit, gebruik sal word as riglyn tydens die formulering van voorligtingsdienste wat aan studente en voornemende studente gelewer word.

#### 5.4.2 Moontlike dienste aan 'n studentediensdepartement

Die geïdentifiseerde dienste wat aan studente gelewer word en die administrasie daarvan is deur een van die betrokkenes as tē burokraties bestempel. Nieteenstaande is dit tog 'n feit dat die 'voltooiing' van die nodige gesagsstrukture in organisasies nog altyd veroorsaak het dat so 'n organisasie optimaal funksioneer. Dit kan as uiters onverantwoordelik beskou word indien hierdie dienste nie met die nodige professionele, formele en organisatoriese korrektheid gestruktureer word nie.

Die dienste wat tans deur die studentediensdepartement geadministreer word asook die dienste wat deur 'n studentediensdepartement behoort geadministreer te word, sal in hierdie hergekonstrueerde model vir studentediensdienste opgeneem word. Die alternatiewe twee dienste wat deur die betrokkenes geïdentifiseer is, studentonavorsing en voorligting aan personeel, sal oök in hierdie teoretiese model geplaas word.

Die aanbeveling kan gemaak word dat hierdie dienste, soos dit in tabel 5.4.2 genoteer is, as riglyn moet dien wanneer 'n studentediensdepartement moet besluit watter dienste aan studente gelewer moet word.

TABEL 5.4.1: VOORGESTELDE DIENSTE VIR 'N STUDENTEVOORLIGTINGS=  
DIENSDEPARTEMENT

GEÏDENTIFISEERDE DIENSTE	VOORGESTELDE DIENSTE
Studiemetodeprogramme Beroeps- en kursusvoorligting Psigoterapie Beroepsinligting Leesverbetering Spraakterapie	Luistervaardighede Konsultasie met dosente en studenteadviseurs in koshuise  Akademiese ondersteunings= dienste

TABEL 5.4.2: VOORGESTELDE DIENSTE VIR 'N STUDENTEDIENSDEPARTEMENT

DIENSTE WAT TANS DEUR STUDENTE=DIENSDEPARTEMENTE GEADMINISTREER WORD	VOORGESTELDE DIENSTE WAT OOK BEHOORT GEADMINISTREER TE WORD
<p>Studentevoorligtingsdiens</p> <p>Studenteadviseurs (finansieel, kultuur, ens.)</p> <p>Studentegemeenskapsdiens</p> <p>Studenteraad</p> <p>Sportburo</p> <p>Studente mediese diens</p> <p>Buitelandse studente</p> <p>Koshuisadministrasie</p> <p>Studenteakkommodasie</p> <p>Militêre buro</p>	<p>Studentenavorsing</p> <p>Voorligting aan personeel</p>


## 5.5 DIE ORGANISASIESTRUKTUUR EN VOORGESTELDE MODEL

Die eiesoortigheid van elke inrigting spesifiek ten opsigte van die behoeftes aan studentediensdienste word duidelik omlin deur die organisasiestrukture soos dit in hierdie ondersoek gevind is en in hoofstuk 5 bespreek is. Alhoewel die strukture wat aan die betrokke inrigtings aangetref word grootliks van mekaar verskil, volg dit uit die navorsing wat gedoen is dat die voorgestelde teoretiese model vir die organisasiestruktuur van 'n studentediensdepartement wel in 70% van die gevalle aan die breë Suid-Afrikaanse behoefteprofiel vir studentediensdienste voldoen. Alhoewel die praktiese implementeerbaarheid van hierdie model in sommige gevalle bevraagteken word, moet alle betrokkenes nietemin met die strukturering van so 'n departement deeglik kennis neem van die moontlike struktuurwysigings wat aan hierdie voorgestelde model aangebring kan word.

Gevolgtlik word daar deur die navorser aanbeveel dat hierdie herkonstrueerde organisasie-model, soos gevind word in figuur 5.1, as voorgestelde model vir die organisasiestruktuur van studentediensdienste aan Suid-Afrikaanse tersiêre opvoedkundige inrigtings beskou moet word.

Hierdie voorgestelde model verstrek alle moontlike kombinasies van geïdentifiseerde dienste asook voorgestelde dienste om aan die algemene Suid-Afrikaanse behoefteprofiel van tersiêre opvoedkundige instansies te voldoen. Vanweë die diverse en eiesoortige behoeftes wat aan verskillende inrigtings spesifiek ten opsigte van studentediensdienste ondervind word, kan voorgestel word dat hierdie model as riglyn toegepas word met die strukturering van 'n studentediensdepartement.

FIGUUR 5.1: 'N AANBEVOLE MODEL VIR 'N STUDENTEDIENSDEPARTEMENT



## 5.6 SAMEVATTING

Die eiesoortige Suid-Afrikaanse kultuurhistoriese ontwikkeling het tot gevolg gehad dat die studentedienste wat aan Suid-Afrikaanse tersiêre opvoedkundige inrigtings ontwikkel het, uniek vir elke inrigting is. Die diversiteit in die gelewerde dienste is 'n direkte gevolg van die diversiteit in kultuurerfenisse wat in Suid-Afrika aangetref word.

Studentedienste word in gesentraliseerde én in gedesentraliseerde struktuurbenaderings in die Suid-Afrikaanse konteks aangetref. Die gedesentraliseerde benadering het ontstaan omdat daar van hierdie dienste is wat onder die voogdskap van sekere akademiese departemente ontwikkel het. Voorbeelde van sulke dienste is byvoorbeeld studentevoorligtingsdienste en sportburo's wat onderskeidelik uit die departemente Psigologie en Liggaamlike Opvoedkunde ontwikkel het. Aan sekere van die inrigtings word hierdie dienste tans steeds bedryf as deel van akademiese departemente. Maar uit die ontwikkelingsverloop van studentedienste in Amerika word dit geverifieer dat vir optimale funksionering in die gemiddelde Suid-Afrikaanse tersiêre opvoedkundige inrigting 'n gesentraliseerde benadering gevolg moet word. Gevolglik is daar met die formulering van die voorgestelde model vir studentedienste gepoog om 'n gesentraliseerde struktuurbenadering daar te stel.

Die oorkoepelende doelwit met die strukturering van hierdie model vir studentedienste was om die behoefteprofiel van studente, soos dit tans deur die tersiêre opvoedkundige inrigtings ondervind word, te akkommodeer.

Gevolglik sal die oorkoepelende doelwit van 'n studentediensdepartement gespesialiseerde dienslewering aan studente wees. Dit sal tot gevolg hê dat die eindproduk van 'n tersiêre opvoedkundige inrigting 'n gebalanseerde,

volwaardige mens behoort te wees. Die bogenoemde doelwitte sal slegs realiseer indien hierdie dienste optimaal deur die studentegemeenskap benut word.

Alhoewel die eiesoortige behoefteprofiel ten opsigte van studentedienste soos dit tans in Suid-Afrika ondervind word grootliks van inrigting tot inrigting verskil, bestaan die verwagting dat hierdie voorgestelde model 'n positiewe bydra tot die totstandbringting van studentediensdepartemente sal lewer.

## HOOFSTUK 6: GEVOLGTREKKINGS

### 6.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk sal samevattend aandag geskenk word aan die afgehandelde ondersoek, met spesifieke klem op die doel van die ondersoek, toekomsverwagtinge, belangrikste bevindinge en uiteindelijke gevolgtrekkings. Ten slotte sal daar ook sekere aanbevelings ten opsigte van studentediens gedoen word.

### 6.2 DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Die spesifieke doelstellings en doelwitte wat in die begin van die studie as probleemstellings geformuleer is, sal nou ondersoek word om sodoende te bepaal of daar in die geformuleerde doel geslaag is.

#### 6.2.1 Spesifieke doelwitte

Die eerste doelwit van hierdie ondersoek is deur die literatuurondersoek geverifieer. Dit is bewys dat daar wel 'n direkte verband bestaan tussen die Suid-Afrikaanse en Amerikaanse studentediensontwikkeling. Uit die navorsing het geblyk dat daar groot ooreenkoms is in die spesifieke ontwikkelingsbehoefte in albei lande en dat daar selfs 'n ooreenkoms is in tydspannes van ontwikkeling.

Die literatuurondersoek het ook die tweede doelwit van hierdie ondersoek geverifieer. Daar is bevind dat:

- daar wel 'n onlosmaaklike verband tussen die historiese en

die kultuurhistoriese ontwikkeling en die ontwikkeling van studente-  
dienste bestaan; en

- die uitgebreide ontwikkeling van hierdie dienste die direkte gevolg is van 'n moderne studentegemeenskap se veranderende behoefteprofiel in 'n snelontwikkende 20ste eeu.

Die derde doelwit van hierdie ondersoek is positief geverifieer deur die respondente teikengroep. Daar is insgelyks gevind dat die dienste aan studente gelewer wél 'n positiewe bydra maak tot die vorming en opvoeding van die studentegemeenskap.

#### 6.2.2 Hoofdoelstelling

Die hoofdoelstelling van hierdie ondersoek was om 'n ideale model vir studentedienste in die Suid-Afrikaanse konteks te ontwerp. Die resultaat word in hoofstuk 5 weergegee. Die verwagting bestaan by die navorser dat hierdie model wel 'n positiewe bydra sal lewer tot die formulering van studentediensdepartemente in die Suid-Afrikaanse konteks.

#### 6.3 TOEKOMSVERWAGTINGE VIR TERSIÊRE INRIGTINGS

Die afgelope twee dekades toon die owerhede asook verskillende gemeenskappe wêreldwyd nuwe belangstelling in tersiêre onderrig. Hierdie belangstelling het ontstaan as gevolg van die erkenning van die voordele wat die breë gemeenskap uit tersiêre onderrig kan put. In ontwikkelde lande het die belangstelling ontstaan as gevolg van die moontlike rol wat tersiêre inrigtings in 'n land se ontwikkeling kan speel. Dit het gelei tot 'n kritiese herwaardering van die owerheid se verantwoordelikheid in die verskaffing van tersiêre onderrig, en veral die probleme wat owerhede ervaar om die

onderrigbegrotings te laat klop. In die RSA, met 'n samelewingstruktuur wat uit 'n besondere mengsel van die Eerste Wêreld en die Derde wêreld se kulture bestaan, is hierdie gesigspunte van groot belang.

Dit is bekend dat daar in Suid-Afrika, vergelykenderwys, 'n besonder hoë persentasie van die Blanke negentienjariges is wat reeds tersiêre opleiding ontvang. Die ongeveer 23% wat tans jaarliks as nuwelinge by universiteite aansluit, is in vergelyking met Westerse lande baie hoog. Dit skep probleme, veral ten opsigte van die slaagsyfers van eerstejaarstudente aan universiteite (Steyn et al., 1983).

Gedurende 1980 het 2,7% van die totale Blankebevolking in Suid-Afrika aan universiteite gestudeer (Steyn et al., 1983). Wat die Kleurling-, Asiër- en Swartbevolkingsgroepe betref, is die situasie totaal anders. Die aantal kandidate wat jaarliks in standerd 10 slaag en by tersiêre inrigtings inskryf, is nog 'n besondere lae persentasie. Dit hou egter ook in dat 'n aansienlike mate van groei verwag kan word. Gedurende 1980 was die verhouding van universiteitstudente tot die totaal van elke bevolkingsgroep soos volg: Swartes: 0,13%; Kleurlinge: 0,33% en Asiërs: 1,53% (Steyn et al., 1983).

Die toekomsverwagting ten opsigte van tersiêre onderrig tot die jaar 2000 kan soos volg saamgevat word:

- soos in die verlede sal die toekomstige ontwikkelingspatroon van tersiêre inrigtings afhanklik wees van die samestelling en behoeftes van die gemeenskap;
- die getal Blanke studente aan tersiêre inrigtings sal nog tot die einde van hierdie dekade stadig groei, maar sal daarna stabiliseer

en heel moontlik voor die einde van die eeu begin daal;

- die getal Kleurling-, Indiër- en Swart kandidate wat jaarliks matriekvrystelling behaal, sal na verwagting sterk toeneem, maar die stigting van nuwe tersiêre inrigtings word nie voorsien nie, veral as gevolg van die stigting van die Universiteit van Vista en die oopstelling van Blanke tersiêre inrigtings vir Swartes;
- die tekort aan hoërvlakmannekrag vir die bediening van tersiêre opvoedkundige inrigtings en die vraag of die Staat 'n aansienlike verhoogde besteding aan hierdie inrigtings sal kan dra, is die twee vernaamste faktore wat die stigting van nuwe inrigtings in die volgende dekades sal beperk;
- die klem sal grootliks in die komende jare val op die skepping en uitbou van nie-universitêre tersiêre opleidingsgeriewe vir Swart- en Kleurlingstudente; en
- 'n duidelike definiëring van die taak van tersiêre inrigtings waardeur die akademiese gerigtheid op tersiêre gebied verder uitgebou sal word, word voorsien.

(Steyn et al., 1983).

Uit die voorafgaande blyk dit dus dat studentediens wat tans deur tersiêre inrigtings in die Suid-Afrikaanse konteks aan studente gelewer word, indringend geëvalueer moet word om die ontwikkelende behoeftes van 'n vinnig groeiende (veelrassige) studentegemeenskap te kan akkommodeer. Hierdie veranderende behoefteprofiel sal wel deur die omvang van dienste soos in hierdie model voorgestel, geakkommodeer kan word. Hierdie model is gekonstrueer om die behoeftes van alle studente, afgesien van kleur- en kultuurverskille, te kan huisves. Die uitbreiding en beplanning vir die uitbouing van studentediens sal ook indringende aandag moet geniet om te verseker dat die groterwordende studentegemeenskap wel hanteer sal kan word deur studente-

diensdepartemente.

#### 6.4 BEVINDINGE EN EVALUERENDE SAMEVATTING VAN DIE ONDERSOEK

In hierdie paragraaf sal daar gepoog word om die bevindinge en evaluerende samevatting van hierdie ondersoek ten opsigte van studentediens en die faktore wat hierdie dienste beïnvloed op 'n oorsigtelike wyse weer te gee. Dit is ook vir ander redes belangrik omdat verwarring kan bestaan oor die feit dat studentediens onder die opskrifte van ondersteuningsprogramme, studenteontwikkeling en andere aangebied word.

##### 6.4.1 Bevindinge van hierdie ondersoek

Uit die literatuur is dit duidelik dat die eiesoortige Suid-Afrikaanse kultuurhistoriese ontwikkeling tot gevolg gehad het dat studentediens wat plaaslik aangetref word, uniek vir elke inrigting is. Hierdie gediversifiseerde dienste is 'n direkte gevolg van die Tweede -en Derde Wêreld se kultuurerfenisse. Alhoewel daar weinig Suid-Afrikaanse literatuur ten opsigte van studentediens bestaan, bewys die ondersoek dat daar wel 'n hoë premie geplaas word deur tersiêre inrigtings op die lewering van dienste aan studente.

Dit blyk ook uit die literatuur dat die Suid-Afrikaanse universiteitswese ontstaan het uit die Britse en Vastelandse (Europese) universitêre tradisies. Die klem het daar geval op wetenskapsbeoefening en die deeglike, byna klassieke skoling en afronding van die totale mens. Hierdie tradisie is in Suid-Afrika voorgesit onder invloed van die behoeftes wat in die samelewing ontstaan het. Dit is aangevul deur beroepsvoorbereiding in 'n verskeidenheid rigtings. Die ervaring wat sedert die einde van die

negentiende eeu in Amerika opgedoen is deurdat die implementeringswyses van die klassieke Britse kollege aangepas is tot 'n toegankliker inrigting wat samelewingsbehoefte meer bevredigend kon hanteer, het 'n aansienlike bydrae tot die ontwikkeling van studentedienste in Suid-Afrika gemaak.

Die ondersoek toon aan dat die omvang van huidige studentedienste grootliks ooreenstem in die verskillende inrigtings, maar dat daar groot verskille bestaan ten opsigte van die strukturering van hierdie dienste. Hierdie dienste word in gesentraliseerde en in gedesentraliseerde struktuurbenaderinge aangetref. Dit het tot gevolg dat sekere van hierdie dienste nie tans deur studentediensdepartemente geadministreer word nie. Die algemene mening van alle betrokkenes by hierdie studie is dat hierdie geïdentifiseerde dienste deur 'n studentediensdepartement geadministreer behoort te word. Ook is dit die algemene mening dat hierdie dienste wel 'n positiewe bydrae lewer tot die vorming en opvoeding van die studentegemeenskap. Die oorspronklike beskouing van alle betrokke inrigtings is dat die diensleweringsmotief van so 'n departement te alle tye die belangrikste doelwit behoort te wees.

Die navorsingsbevindinge van hierdie ondersoek toon ook aan dat die voorgestelde teoretiese model vir studentedienste, met die nodige aanpassings soos voorgestel deur alle betrokkenes, voldoen aan die Suid-Afrikaanse behoefteprofiel en gevolglik kan dit as 'n model vir studentedienste beskou word.

#### 6.4.2 Evaluerende samevatting

Studentediensdepartemente is die 'adres' waar studente met hul persoonlike, akademiese, sosiale, gesondheids- en organisatoriese probleme om hulp

kan kom aanklop. Hierdie dienste word aangebied omdat dit vir tersiêre opvoedkundige inrigtings van belang is dat studente volgens hul akademiese potensiaal moet presteer. Sodoende kan verseker word dat studente wel 'n sukses van hul akademiese loopbaan maak.

'n Tiperende beskrywing van 'n Amerikaanse tersiêre kampus en die identifisering van areas in die studentelewe wat wel 'n behoefte aan ondersteuningsdienste het, word duidelik deur Mueller (1961) (in Gibson et al., 1983) omskryf. Die geverifieerde afleiding van hierdie beskouing van Mueller is dat die funksie van studentedienste aan tersiêre inrigtings uit twee (nie noodwendig onderling onafhanklike) aspekte bestaan, te wete:

- voorsiening in die behoefte van die studentegemeenskap met verwysing na die volgende aspekte van die studentelewe: administrasie, adviseuring, konsultasie, behuising of koshuisinwoning, gesondheidsdienste, ontspanning, sosiale ontwikkeling, akademiese ontspanning, voorligtingsdienste en nog meer;
- ondersteun die tersiêre inrigting om sy verpligting na te kom ten opsigte van die ontwikkeling van die individu as totale en volwaardige mens.

Studentedienste word as 'n essensiële komponent vir die suksesvolle funksionering van Amerikaanse kolleges en universiteite gesien. Alhoewel die soorte en omvang van dienste van kampus tot kampus verskil, is die omvang van hierdie dienste aan die verskillende inrigtings dieselfde. Die gerigtheid van hierdie dienste is om die inrigting se doelwitte te help verwesenlik. Daar is weinig, indien enige, Amerikaanse tersiêre opvoedkundige inrigtings wat nie as een van sy doelstellings 'the development of the total student' het nie (Gibson et al., 1983).

Uit hierdie ondersoek blyk dit dat daar 'n baie groot ooreenkoms bestaan tussen studentedienste (selfs die belangrikheid van hierdie dienste) aan tersiêre inrigtings in Amerika en in Suid-Afrika.

Die ontwikkeling van studentedienste kan egter nie geïsoleer word van die verwagte ontwikkeling in die totale tersiêre sektor nie. Die studentedienste is nie slegs net 'n deel van die tersiêre onderwys nie, maar hierdie diensdepartement streef daarna om die oorkoepelende behoeftes van die kliënte (dit is die totale studentegemeenskap) van tersiêre opvoedkundige inrigtings te bevredig. Dit is dus uiters belangrik dat studentedienste, as 'n baie belangrike komponent van die totale omvang van studentedienste by die ontwikkeling van tersiêre opvoedkundige instansies beskou moet word.

Dit is verder so dat daar tussen 1960 en 1982 vir alle bevolkingsgroepe enorme ontwikkeling op die gebied van tersiêre onderwys in Suid-Afrika plaasgevind het. Altesaam agt nuwe universiteite is gedurende hierdie tyd in Suid-Afrika gestig, en ook het daar drie nuwe universiteite in die nuut onafhanklike state tot stand gekom. Hierdie nuwe inrigtings het besondere druk geplaas op die fondse wat uit owerheidsbronne vir tersiêre onderwys beskikbaar gestel is. Die verdere uitbouing van die bestaande tersiêre inrigtings sal oor die volgende twee dekades aansienlike getalle hoëvlakpersoneel en addisionele fondse benodig. Dit is derhalwe, weens die beperkte beskikbaarheid van mannekrag en finansiering, onwaarskynlik dat daar gedurende die volgende twee dekades groot nuwe uitbreidings in die tersiêre onderrigsektor sal kon plaasvind sonder die verlies van hoë standaarde.

In die huidige Suid-Afrikaanse konteks word aanvaar dat dit die tersiêre

inrigtings se eerste en hoofdoelwit is om hoërvlakaarbeidskrigte op te lei dāār waar die samelewing 'n behoefte het. Tersiëre opvoedkundige inrigtings is professionele beroepskole en daar word van hulle verwag om geredelik op allerlei samelewingsbehoefte te kan reageer. Tersiëre opvoedkundige inrigtings vervul dus 'n onvervangbare rol in die samelewing juis omdat hulle aan die fundamenteel-wetenskaplike en teoretiese skoling en opvoeding van die mense (studente) - die toekomstige leierskorps in die samelewing-toegewy is. Dit beteken nie dat tertiëre opvoedkundige inrigtings bo die samelewing verheue is nie; hierdie inrigtings vervul intendeel 'n betekenisvolle rol deur op die fundamentele en basiese te konsentreer en toe te sien dat die teorie en die wetenskap in die praktyk betekenisvol aangewend word.

Binne hierdie siening van 'n tertiëre opvoedkundige tradisie is dit deel van hul taak om klem te lê op die hoë gehalte van dienslewering en om te waak vir die behoud van hoë opvoedkundige standaarde. Omdat die tertiëre inrigtings die enigste is wat werklik voortdurend op die hoogste akademiese vlak arbeidsaam is, is hierdie sektor 'n waarborg vir die toekoms en kan nie toegelaat word dat die akademiese en wetenskaplike gehalte en ook die dienslewering aan studente op enige wyse in gedrang gebring word nie.

Die oorkoepelende beleid van Suid-Afrikaanse tertiëre opvoedkundige inrigtings is om die student tot volwaardige mens te bevorder. Hiervan kan afgelei word dat, naas die oordrag van kennis aan en ontwikkeling van die studente om die wetenskap te beoefen, daar ook dienste geskep moet word om die akademiese en nie-akademiese ontwikkeling van die studente-gemeenskap te bevorder. Afgesien van die funksie wat in hierdie verband deur dosente behartig word, bestaan daar ook buite-akademiese bedrywighede wat sal bydra tot studente-ontwikkeling. Die primêre uitgangspunt van

hierdie ondersoek was om 'n model vir studentedienste te formuleer wat aanpasbaar en soepel is. Enersyds moet die veranderende behoefteprofiel van die studentegemeenskap geakkommodeer word en andersyds moet dit aanpasbaar wees binne die organisasieraamwerk van tersiêre opvoedkundige instansies.

Die belangrikste afleidings wat uit die bevindinge van hierdie ondersoek gemaak word is:

- dat die voorgestelde teoretiese model met hierdie nodige aanpassings aanvaarbaar is as 'n model vir studentedienste in die Suid-Afrikaanse konteks;
- dat studentedienslewering wel 'n bydra lewer tot die vorming en opvoeding van die studentegemeenskap;
- dat die studente hierdie dienste as noodsaaklik en belangrik beskou en dat dit nie bloot 'n instelling deur die bestuur van tersiêre inrigtings is nie; en
- dat die koste-implikasie van studentedienste wel verantwoordbaar is in terme van gelewerde resultate.

Wanneer die ontwikkeling van tersiêre opvoedkundige inrigtings tot die jaar 2000 geëkstrapoleer word, is dit nodig om daarop te let dat die verwagte ontwikkelingspatrone van die verskillende inrigtings grootliks afhanklik sal wees van die kultuursamestelling en die behoeftes van die gemeenskappe wat hoofsaaklik deur elke inrigting bedien sal word.

Gevolgtik sal die aanbieding van akademiese en nie-akademiese ondersteuningsdienste aan studente op sigself nie 'n waarborg vir 'n verbeterde akademiese prestasie wees nie. Dit is dus noodsaaklik dat daar deeglik besin sal word oor die struktuur, omvang, dienstesoorde en die wenslikheid van sodanige

studentediensdepartement vir 'n bepaalde studentegemeenskap. Gevolglik moet hierdie behoeftes vir 'n studentediensdepartement in 'n spesifieke inrigting wetenskaplik geïdentifiseer word. Endersyds kan so verseker word dat hierdie dienste wel koste-effektief is ten opsigte van moontlike gelewerde resultate en andersyds dat diē departement sō optimaal sal funksioneer dat die inrigting se doelstellings ook daardeur verwesentlik word.

## 6.5 AANBEVELINGS

Na aanleiding van die bevindinge van hierdie ondersoek word die volgende aanbevelings aan die hand gedoen.

- Die behoeftes wat bestaan ten opsigte van studentedienste moet op 'n wetenskaplike wyse aan elke afsonderlike inrigting geïdentifiseer word.
- Die diensleweringmotief van 'n studentediensdepartement moet te alle tye as die eerste en belangrikste prioriteit beskou word.
- Daar sal deeglik kennis geneem moet word van die groeiende getalle Kleurling-, Indiër- en Swartkandidate wat jaarliks matrikulasievrystelling behaal. Hierdie groterwordende getalle anderskleuriges sal baie groot druk plaas op die bestaande tersiêre inrigtings, spesifiek met verwysing na studentedienste. Dit is veral so in die lig van die nuwe politieke dispensasie en die veranderende politieke strominge, asook die oopstelling van Blanke inrigtings vir anderskleuriges.
- Ter wille van die doeltreffende gebruik van die groterwordende mannekragtekort en -fasiliteite sal die samewerking tussen tersiêre inrigtings,

wat reeds begin vorm aanneem, in die toekoms baie sterk uitgebou moet word, veral ten opsigte van studentediensdienste.

- Die studentediensprogramme behoort voorsiening te maak vir verskillende kultuurgroepe. Daar moet verantwoordelikheid aanvaar word vir die groei en ontwikkeling van die verskillende kultuurgroepe.
- 'n Aantal verskillende modelle is geïdentifiseer om hierdie dienste te administreer, maar ongeag van die model wat gebruik word, moet daar 'n soort struktuur bestaan vir hierdie dienste. Die bestuursverantwoordelikheid van die verskillende hiërargiese vlakke van so 'n model moet duidelik omskryf word vir implementeringsdoeleindes.
- Die programme vir studentediensdienste moet te alle tye die inrigting se organisatoriese struktuur, sosiale struktuur en die interstrukturele skakeling raadpleeg. Sodoende kan die rol, verwantskap en implikasie van hierdie strukture op die individu (student) se ontwikkeling tot 'n minimum beperk word.
- Om optimale effektiwiteit te verkry moet daar 'n geleentheid geskep word vir die personeel van studentediensdepartemente om periodiek (soos die V.S.S.A) te vergader en die algemene bedryfsproblematiek te bespreek. Die ideaal sou gewees het dat 'n vereniging vir studentediensdienste in Suid-Afrika gestig word.
- Tersiêre opvoedkundige inrigtings sal indringend self-evaluering moet doen om te bepaal of die afgestudeerde studente in beginsels, teorieë en fundamentele konsepte gevorm en geskool is, om te verseker dat hulle in 'n vinnig veranderende wêreld 'n skeppende, vernuwendende

en leiersrol sal kan vervul.

- Dat die voorgestelde model vir 'n studentediensdepartement en die aanbevelings ten opsigte van studentedienste (soos in hoofstuk 5 weergegee) aangewend word vir die strukturering, formulering en herformulering van studentedienste.
  
- Vanweë die feit dat daar weinig literatuur bestaan en min navorsing gedoen is ten opsigte van die totale omvang van studentedienste in die Suid-Afrikaanse konteks, word daar aanbeveel dat hierdie ondersoek herhaal word met die doel om:
  - eerstens: hierdie model moet teoreties in 'n aantal tersiêre opvoedkundige inrigtings evaluerend geïmplementeer word;
  - tweedens: hierdie model (soos weergee in hoofstuk 5) moet geëvalueer word deur alle tersiêre opvoedkundige instellings; en
  - derdens: indien daar probleme ontstaan ten opsigte van hierdie model, dit tydens die voorgestelde ondersoek hergekonstrueer moet word.

## 6.6 SLOTOPMERKINGS

Hierdie ondersoek konsentreer op die wyse waarop studentebelange meer effektief hanteer kan word. In enige voorgestelde struktuur vir studentedienste, bestaande of nuut, sal daar bykans altyd probleme bestaan ten opsigte van toeganklikheid, effektiwiteit en die tydrowende besluitnemingprosesse. Indien die aanbevelings van hierdie ondersoek aanvaar en toegepas word, sal die sukses van die hergekonstrueerde of nuwe struktuur grootliks afhang van elkeen se individuele vermoë en van die bereidwilligheid van

die studentediensdepartement se personeellede om studentebelange te dien.

Die sukses sal nie uitsluitlik berus op die insette van personeellede nie, maar ook op die studenteleiers, studenteverteenwoordigende liggame en die algemene studentemassa. Gevolglik sal die gees waarin veral die studenteleiers en studenteverteenwoordigers met die studentedekaan en sy personeel skakel, deurslaggewend wees vir die sukses van die voorgestelde struktuur vir studentediens.

## BIBLIOGRAFIE

- ARBUCKLE, D.S. 1953. Student personnel services in higher education. New York : McGraw-Hill.
- BECK, A.C. & HILLMAR, E.D. 1972. A practical approach to organization development through MBO : selected readings. London : Addison-Wesley.
- BOWEN, J. 1945. A history of Western education. London : Methuen.
- BOYD, W. 1932. The history of Western education. London : A & C-Black.
- BUTTS, R.F. 1947. A cultural history of education. New York : McGraw-Hill.
- COETSEE, L.D., COSTER, E.A. & VAN NIEKERK, A.M. 1978. Die gebruik en doeltreffendheid van organisasie-ontwikkeling- tegnieke in 73 groot Suid-Afrikaanse organisasies. Pretoria : Unisa.
- COETZEE, J.C., red. 1958. Onderwys in Suid-Afrika : 1652-1956. Pretoria : Van Schaik.
- DRAPELA, V.J. 1979. Guidance and counseling around the World. University of South Florida : University Press of America.
- FIELDEN, J. & LOCKWOOD, G. 1973. Planning and management in universities : a study of British universities. London : Chatto and Windus.
- FRENCH, W.L. & BELL, L.C.H. 1973. Organization development behavioural interventions for organization improvement. Englewood Cliffs, N.J.: Prentice-Hall.

GAMPERT, R., red. 1963. The organization of education and vocational guidance: research in comparative education. Geneva : International Bureau of Education. (XXVIth International Conference on Public Education, Publication no. 254.)

GIBSON, R.L., MITCHELL, M.H. & HIGGINS, R.E. 1983. Development and management of counseling programs and guidance services. New York : Macmillan.

HERR, E.L., red. 1974. Vocational guidance and human development. Boston : Houghton Mifflin.

LENTNER, C., red. 1982. Geigy scientific tables. Basle : Ciba-Geigy.

LEONARD, E.A. 1956. Origins of personnel services in American Higher Education. Minneapolis : University of Minneapolis.

NEWSOME, A., THOME, B. & WYLD, K. 1975. Student counselling in practice. London : University of London.

OETTING, E.R., IVEY, A.E. & WEIGEL, R.E. 1970. The college and university counseling center. Washington: American Personnel and Guidance Association. (Student personnel series no. 11.)

POTGIETER, F.J., red. 1978. Geskiedenis van die opvoeding vir onderwysstudente. Johannesburg : McGraw-Hill.

REARDON, R.C., BURCK, H.D. & COTTINGHAM, H.F. 1975. Facilitating career development strategies for Counselors. Springfield, Ill. : Charles C. Thomas.

SHERTZER, B. & STONE, S.C. 1976. Fundamentals of guidance. Boston : Houghton Mifflin.

STEYN, H.S., VENTER, R.H. & LOUW, J.B.Z. 1983. Gesigspunte oor die ontwikkeling van die universiteite tot die jaar 2000. R.S.A. 2000, 5(1).

WILLIAMSON, E.G. 1961. Student personnel services in colleges and universities. New York : McGraw-Hill.

WILLIAMSON, E.G., red. 1949. Trends in student personnel work. Minneapolis : University of Minnesota.

WOOLF, M.D. & WOOLF, J.A. 1953. The development and integration in the high school and college. New York : McGraw-Hill.

WRENN, C.G. 1951. Student personnel work in colleges. New York : The Ronald Press.

ZERAN, F.R. & RICCO, A.C. 1962. Organization and administration of guidance services. Chicago : Rand McNally.

## ENGLISH ABSTRACT

This research concerning the organisation of student-personnel services in higher education brings to the reader a comprehensive and contemporary view of American, European and South-African conditions from which student-personnel services have emerged. It acknowledges the factors which caused guidance services to flourish as well as the comprehensiveness of the existing student-personnel services in the South-African context.

Student-personnel services evaluated in a scientific manner create the possibility of determining the effect of a particular personnel service and allows decisions to be made as to changes in, or elimination of, the service. The evaluation of existing services is necessary in order to give some indication of the status of student-personnel work today. It was intended that this empirical comparative study be restricted to consideration of the organisational and administrative structures as well as the services included in a student-personnel department. The methodology of this study was to conduct a comprehensive literature survey. From this information it was possible to compile a theoretical model for a student-personnel department in South-Africa. This theoretical model was evaluated empirically and it was for this purpose that a questionnaire was drawn up and sent to the administrators of student-personnel departments.

Utilizing the information contained in their replies, a South-African model for student-personnel services was constructed, which attempts to provide guidance for the organisational and administrative structures, services as well as an organisational development model. With the compilation of this model it was endeavoured to ensure that the student-personnel service departments, will be of the greatest benefit to the student community

as well as to be flexible and adaptable with in the organisational structure of higher educational institutions.

The most important finding of this study is that South-African literature concerning student-personnel services is both limited and insignificant. A clear indication by the respondents is that student-personnel services contribute positively to the development of the student community. It is important to acknowledge explicitly that 70% of the respondents indicated that the theoretical model satisfies the South-African requirement for student-personnel services.

Owing to the deductions and limitations of this study it is recommended that a follow-up study should be conducted. The objective should be a theoretical implementation and evaluation of this model in South-African higher educational institutions and to establish the validity of this structure as a model for student-personnel services in South-Africa.

BYLAE 1: LYS VAN RESPONDENTE

TERSIERE OPVOEDKUNDIGE INRIGTINGS WAT BETROKKE WAS BY HIERDIE ONDERSOEK

UNIVERSITEITE

TERUG ONTVANG

1.	Mediese Universiteit van Suider-Afrika .....	Ja
2.	Randse Afrikaanse Universiteit .....	Ja
3.	Universiteit van Suid-Afrika .....	Ja
4.	Universiteit van die Noorde .....	Nee
5.	Universiteit van Port Elizabeth .....	Ja
6.	Universiteit van Pretoria .....	Ja
7.	Universiteit van Stellenbosch .....	Ja
8.	Universiteit van Wes-Kaapland .....	Ja
9.	Universiteit van Oranje-Vrystaat .....	Ja
10.	Universiteit van Vista .....	Ja
11.	Universiteit van Fort Hare .....	Ja
12.	Rhodes-universiteit .....	Nee
13.	Universiteit van Bophutatswana .....	Nee
14.	Universiteit van Kaapstad .....	Ja
15.	Universiteit van Durban-Westville .....	Ja
16.	Universiteit van Natal .....	Ja
17.	Universiteit van Potchefstroom .....	Ja

TECHNIKONS EN KOLLEGES

18.	Technikon Kaap .....	Ja
19.	Technikon Mabopane-Oos .....	Ja
20.	Technikon Natal .....	Ja
21.	Technikon Port Elizabeth .....	Ja
22.	Technikon Pretoria .....	Ja

23.	Technikon Skiereiland	.....	Ja
24.	Technikon Vaaldriehoek	.....	Ja
25.	Technikon Witwatersrand	.....	Ja
26.	Edgwood College of Education	.....	Ja

BYLAE 2: VRAELYS UITGESTUUR AAN ALLE BETROKKE INRIGTINGS



# POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT

## VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

J.J. Barnard  
Posbus 2175  
POTCHEFSTROOM  
2520

26 Augustus 1985

(tel. 01481 - 27511 X 5423 (W)  
(tel. 01481 - 25880 (H)

Geagte Prof., Dr., Mnr., Mev., Mej.

Ek is tans besig met 'n navorsingsprojek vir my meestersgraad in Bedryfsadministrasie, insake studentediensdepartemente aan universiteite en teknikons. Die doel van hierdie studie is om

- die knelpunte te identifiseer met betrekking tot die struktuur, dienste, bedryfsorganisasie, finansiering en organisasieontwikkeling van hierdie studentediens en
- ook om 'n ideale model vir 'n studentediensdepartement op te stel, vir optimale dienslewering aan studente.

Hierdie navorsing se resultate sal deur die Vereniging vir Studentevoorigting in Suid-Afrika aan alle universiteite en teknikons beskikbaar gestel word.

Ten einde hierdie ondersoek volledig en wetenskaplik af te handel, benodig ek relevante inligting met betrekking tot u inrigting. Alle inligting sal as vertroulik hanteer word en eiesoortige kenmerke en probleme van u inrigting sal nie as sodanig gepubliseer word nie.

Sal u dus asseblief so vriendelik wees om die meegaande vraelys volledig te voltooi en voor 30 September aan my terug te stuur. Vir u gerief word 'n gefrankeerde koevert ingesluit.

Baie dankie vir u samewerking.

Vriendelike groete,

Die uwe

JOHAN BARNARD

VRAELYS: INSAKE STUDENTEDIENSTE EN STUDENTEDIENSDEPARTEMENTE AAN  
TERSIERE OPVOEDKUNDIGE INSTANSIES

--	--	--

(1-3)

1. NAAM VAN INRIGTING: .....

.....

2. STRUKTUUR VAN HUIDIGE STUDENTEDIENSDEPARTEMENTE:

(Voorsien asseblief 'n skematiese uiteensetting van u huidige dienste volgens die voorbeelde in bylae 1)..

3. STRUKTUUR VAN HUIDIGE STUDENTEVOORLIGTINGSDIENSDEPARTEMENT

(Voorsien asseblief 'n skematiese uiteensetting van u huidige diens volgens die voorbeeld in bylae 2).

4. VOORGESTELDE STRUKTUUR VAN 'N OPTIMALE STUDENTEDIENSDEPARTEMENT  
AAN U INRIGTING:

(Voorsien asseblief 'n skematiese uiteensetting van 'n voorgestelde  
struktuur vir 'n ideale model van studentedienste aan u inrigting).

5. WATTER VAN DIE VOLGENDE DIENSTE WORD TANS DEUR U STUDENTEDIENSDE-  
PARTEMENT GEADMINISTREER

5.1	Studente mediese diens	1		(4)
5.2	Studentevoorligtingsdiens	1		(5)
5.3	Studentegemeenskapsdiens	1		(6)
5.4	Militêre buro	1		(7)
5.5	Sportburo	1		(8)
5.6	Studenteraad	1		(9)
5.7	Koshuisadministrasie	1		(10)
5.8	Studenteakkommodasie	1		(11)
5.9	Buitelandse studente	1		(12)
5.10	Studenteadviseurs (insake kultuur, koshuissake, ens.)	1		(13)
5.11	Ander (Spesifiseer) .....	1		(14)
	.....			
	.....			
	.....			

I. STRUKTUUR, ORGANISASIE EN DIENSTE

1. Voel u dat hierdie dienste aan studente wel 'n bydrae lewer tot die vorming en opvoeding van die studentege-meenskap.

Ja	0		(15)
Nee	1		

2. Volgens u mening, beskou studente hierdie dienste as:

2.1 noodsaaklik en belangrik, of

Ja	0		(16)
Nee	1		

2.2 as 'n blote instelling deur die bestuur van die Universiteit

Ja	0		(17)
Nee	1		

3. Is die koste-implikasie van studentedienste in u stelsel wel verantwoordbaar in terme van die resultate wat opgelewer word.

Ja	0		(18)
Nee	1		

4. Aan wie moet die hoof van 'n studentediensdepartement rapporteer?

4.1 Staffunksie tot die Rektor

1		(19)
---	--	------

4.2 Vise-Rektor

1		(20)
---	--	------

4.3 Registrateur

1		(21)
---	--	------

4.4 Ander (Spesifiseer) .....

1		(22)
---	--	------

Waarom aan die betrokke rapporteer .....

.....

.....

5. Wie moet, na u mening, aan die hoof van 'n studentediensdepartement staan?

5.1 Studentedekaan

1	
---	--

(23)

5.2 Direkteur van Studentediensburo

1	
---	--

(24)

5.3 Alternatief (Spesifiseer) .....

1	
---	--

(25)

Waarom die betrokke keuse .....

.....

.....

6. Watter van die volgende dienste behoort deur 'n Studentediensdepartement geadministreer te word.

6.1 Studente mediese diens

1	
---	--

(26)

6.2 Studentevoorligtingsdiens

1	
---	--

(27)

6.3 Studentegemeenskapsdiens

1	
---	--

(28)

6.4 Militêre buro

1	
---	--

(29)

6.5 Sportburo

1	
---	--

(30)

6.6 Studenteraad

1	
---	--

(31)

6.7 Studenteakkommodasie

1	
---	--

(32)

6.8 Koshuisadministrasie

1	
---	--

(33)

6.9 Buitelandse studente

1	
---	--

(34)

6.10 Studenteadviseurs (Finansieël, Kultuur, ensovoorts)

1	
---	--

(35)

6.11 Akademiese Standaarde

1	
---	--

(36)

6.12 Ander (Spesifiseer) .....

1	
---	--

(37)

.....

.....

II. STUDENTEVOORLIGTINGSDIENS

7. Hoeveel van u vakkundige poste word deur geregistreerde sielkundiges gevul en in watter kategorieë is hierdie registrasie:

- |                          | (aantal) | (geregistreeer) |
|--------------------------|----------|-----------------|
| 7.1 Voorligting: .....   |          | JA/NEE          |
| 7.2 Klinies: .....       |          | JA/NEE          |
| 7.3 Opvoedkundig : ..... |          | JA/NEE          |
| 7.4 Navorsing: .....     |          | JA/NEE          |
| 7.5 Bedryf: .....        |          | JA/NEE          |

8. Hoeveel studente word deur die personeel volgens die struktuur in vraag 3 bedien (Studentepopulasie):

.....

9. Wat is u gemiddelde kliëntehantering per jaar?

9.1 Aantal kliënte .....

9.2 Aantal konsultasies .....

10. Watter dienste word deur u personeel en fasiliteite gelewer?

10.1 Leesverbetering

1	
---	--

(38)

10.2 Studiemetodeprogramme

1	
---	--

(39)

10.3 Spraakterapie

1	
---	--

(40)

10.4 Beroeps- en Kursusvoorligting

1	
---	--

(41)

10.5 Psigoterapie

1	
---	--

(42)

10.6 Beroepsinligting

1		
---	--	--

(43)

10.7 Ander (Spesifiseer): .....

1		
---	--	--

(44)

11. Lewer u ook 'n voorligtingsdiens aan voornemende studente (dit wil sê skoliere en dienspligtiges)?

Ja	0	
Nee	1	

(45)

11.1 Indien wel, hoeveel kliënte per jaar .....

11.2 Word hierdie diens gratis gelewer?

Ja	0	
Nee	1	

(46)

12. Hoeveel van u vakkundige personeel het akademiese poste en doseeropdragte: .....

13. Is u diens by die SAGTR geakkrediteer vir die opleiding van geregistreeerde sielkundiges.

Ja	0	
Nee	1	

(47)

14. Hoe word u diens aan studente gefinansier?

14.1 Deur 'n heffing op elke student van registrasie- of klasgelde.

(Indien wel, watter bedrag per student per jaar R.....)

Ja	0	
Nee	1	

(48)

14.2 Deur Universiteitsfondse

Ja	0	
Nee	1	

(49)

14.3 Is hierdie finansiële voorsiening voldoende vir die effektiewe funksionering en uitbreiding van die diens?

Ja	0	
Nee	1	

(50)

15. Is die voorgestelde voorsiening vir personeel soos in SANSO-110 (tabel 8) volgens u voldoende?

Ja	0	
Nee	1	

(51)

16. Is u tevrede met die professionele status van studente-voorligters aan tersiêre inrigtings?

Ja	0	
Nee	1	

(52)

17. Meen u dat die struktuur soos in bylaag 1 weergee word:

wel voldoen aan die Suid-Afrikaanse behoefte-profiel om as teoretiese model vir studentediens te beskou te word; en


Ja	0		(53)
Nee	1		

of hierdie struktuur wel aanpasbaar en implementeerbaar in u huidige stelsel sal wees.

- Ja	0		(54)
Nee	1		

BAIE DANKIE VIR U SAMEWERKING.

BYLAE 1: ORGANISASIE STRUKTUUR VIR 'N STUDENTEDIENSDEPARTEMENT



BYLAE 2: STUDENTEVOORLIGTINGSDIENSDEPARTEMENT

